

DIE FINANSIERING VAN VASTE BATES IN DIE
LANDBOUBEDRYF

deur

J J GELDENHUYS B.Sc., H.B.A.

Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening aan
die vereistes vir die graad

M.B.A.

in die

Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Leier: Prof. H.J. Swanepoel

Januarie 1980

DANKBETUIGING

Hiermee my opregte dank en waardering aan almal, en in die besonder die ondergemelde persone, wat direk of indirek meeghelp het om hierdie skripsie moontlik te maak.

Aan professor Swanepoel wens ek my innige dank en opregte waardering oor te dra vir die belangstelling en bekwame leiding wat hy aan my gegee het.

Aan Esmé Grobler vir die netjiese tikwerk.

Aan Wessel Odendaal vir die taalkundige versorging.

Aan my vrou vir haar aanmoediging en bystand.

ALLE EER AAN HOM !

J J Geldenhuys

Opgedra aan my vrou

THE FINANCING OF FIXED ASSETS IN THE AGRICULTURAL INDUSTRY

The farmer has an ever increasing obligation to make a financial success of his particular enterprise.

In order to succeed, the farmer must approach his farming operation from the same point of view as the industrialist would approach his operation. It is clear that farming has become a highly specialised profession which requires, apart from normal farming skills, also an insight into financing.

With the continuous loss of labourers to the urban industries, farming is slowly becoming capital intensive. This, in turn, requires that the farmer must take up more and more long-term credit to finance his investments in fixed assets.

During the 1977/78 season approximately 25% of the farmer's current liabilities was interest on loan capital. Since the farmer, as an individual, has very little control over the purchase price of his resources or the selling price of his finished goods, his only area of control of his profits lies in the control of his operating cost, of which interest on loan capital is a major component.

After defining a number of general and more common financial terms, specific attention is given to the definition of fixed assets in chapter 2. Although there is no one clear definition of fixed assets, it does depend on the purpose for which it has been acquired. If the asset was purchased to allow the farmer to earn an income by using the asset and not by re-selling it, it can be classified as a fixed asset.

Examples of fixed assets are:-

- (a) Land, buildings and improvements;
- (b) Machinery, implements and other accessories;
- (c) Livestock.

For the purpose of this scription it is assumed that the farmer has already made the decision which asset he must invest in, e.g. which specific farm, tractor or stud ram he wishes to purchase.

His second decision is the method of acquisition, of which the following are discussed and described in chapter 3.

- (a) Contractors;
- (b) Short-term hiring;
- (c) Co-operative use;
- (d) Leasing;
- (e) Private ownership.

All five above methods are being employed to a smaller or larger extent in various parts of the country, but due to the individualistic nature of the farmer, he usually prefers to be the private owner.

To become the private owner of a fixed asset, the farmer could pay cash out of his own profits, or make use of loan capital. The latter could be made available in various forms by one or more of the following institutions:

- (a) the Land and Agricultural Bank of South Africa;
- (b) Commercial banks;
- (c) Bank overdraft;
- (d) Long-term loans;
- (e) Suspensive sale.

Of these, cash purchase is the most simple form of financing, but not necessarily the best.

In order to do a financial evaluation of the various forms of financing, the alternative methods of evaluation are discussed in chapter 4. There are two basic methods, viz.

- (a) Methods which ignore the time value of money, e.g.
 - (i) Pay back period;

- (ii) Unadjusted rate of return; and
- (b) Methods which take account of the time value of money.

After discussing the concepts "present value" and "cash flow", only one of various methods are discussed, viz. the "Net Present Value" method.

The financial evaluation of the alternate methods of financing is done in chapter 5.

In the calculations all irrelevant cash flows have been disregarded. Calculations are based on a purchase price of R10 000. All loans are payable over five years.

The following cases are studied:-

Discount rates of 8, 10 and 12%,

Marginal income tax rates of 20, 30 and 40%,

High and low creditworthiness.

The Net Present Values of the various alternatives are summarised in ten tables and eight graphs.

Regardless of the discount rate, marginal tax rate or creditworthiness it was found that cash payment is never the best form of financing. Depending on the discount rate and credit position, and using the assumptions made in this description, a personal loan appears to be the best form of financing for farmers with a low marginal tax rate, while suspensive sale is the best form of financing for farmers with high marginal tax rates. Each case, however, is unique and must be calculated individually.

After discussing the aims of the Land and Agricultural Bank of South Africa in chapter 5, a short summary is presented in chapter 7.

The conclusion is reached that short-term financing (e.g. cash) is required for short-term needs and long-term financing for long-term needs. Farmers must, however, use sound judgement when employing long-term credit for financing

his long-term needs to avoid running short of cash to fulfil his short-term needs. He must therefore add "financing" to his other farming skills such as agronomist, engineer, veterinary surgeon and personnel manager.

INHOUDSOPGAW

Bladsy

HOOFSTUK 1

DIE FINANSIERING VAN VASTE BATES IN DIE BOERDERYBEDRYF

1. Inleiding en probleemstelling	1
2. Indeling	4
3. Metode van ondersoek	4

HOOFSTUK 2

DEFINISIES EN VERKLARINGS

1. Algemene definisies en verklarings	5
2. Definisie en verklaring van vaste bates	8
3. Voorbeelde van vaste bates	
3.1 Grond, geboue en verbeteringe	10
3.2 Masjinerie, implemente en ander toerusting	10
3.3 Lewende hawe	11

HOOFSTUK 3

METODES VAN FINANSIERING

1. Inleiding	12
2. Kontrakteurs	13
3. Korttermynhuur	14
4. Koöperatiewe gebruik	15
5. Bruikhuur	18
6. Private eienaarskap	
6.1 Inleiding	20
6.2 Kredietverskaffers	25
6.3 Kontant-aankope	25
6.4 Huurkoop	26
6.5 Oortrokke bankfasiliteite	27
6.6 Langtermynlenings	
6.6.1 Inleiding	28
6.6.2 Metodes van terugbetaling van langtermynlenings	28
6.7 Uitgestelde verkope	30

HOOFSTUK 4

METODE VAN EVALUERING

1. Inleiding	31
2. Metodes wat die tydwaarde van geld verontagsaam	31

3. Metodes wat die tydwaarde van geld in ag neem	
3.1 Huidige waarde van geld	33
3.2 Netto kontantvloei	38
3.3 Metodes	38

HOOFSTUK 5

DIE REKENINGKUNDIGE EVALUERINGS VAN ALTERNATIEWE VORMS VAN FINANSIERING

1. Inleiding	43
2. Koerse	44
3. Veranderlikes	
3.1 Diskontokoerse	45
3.2 Marginale belastingkoers	45
3.3 Kredietwaardigheid van die boer	45
4. Aannames en veronderstellings	46
5. Verklarings van berekeninge	48
6. Vergelyking van resultate	51
7. Bespreking van resultate	
7.1 NHW vs diskontokoers - hoë kredietwaardigheid	51
7.2 NHW vs diskontokoers - lae kredietwaardigheid	52
7.3 NHW vs belastingkoers - hoë kredietwaardigheid	53
7.4 NHW vs belastingkoers - lae kredietwaardigheid	53

HOOFSTUK 6

<u>DIE LAND- EN LANDBOUBANK VAN SUID-AFRIKA</u>	54
---	----

HOOFSTUK 7

<u>OPSOMMING</u>	60
------------------------	----

<u>BIBLIOGRAFIE</u>	63
---------------------------	----

BYLAE

Tabelle 1 - 36	66
Tabelle 37 - 46	83
Grafieke 1 - 8	93

HOOFSTUK 1

DIE FINANSIERING VAN VASTE BATES IN DIE BOERDERYBEDRYF

1. Inleiding en probleemstelling

Daar rus 'n al groter verpligting op die boer om 'n finansiële sukses van sy onderneming te maak.

Ten einde in hierdie doel te slaag moet die boer sy boerdery, net soos die bestuurder van enige ander onderneming, uit 'n besigheids oogpunt benader en moet hy bewus gemaak word van gesonde besigheidspraktyke.

Die eise wat die moderne boerdery stel, is ook van so 'n aard dat boere voortdurend die kennisgapings moet oorbrug. Die noodsaaklikheid vir 'n meer rasionele benadering tot die bedryf word gevoel veral omdat meganisasie se bydrae al belangriker word in plaas-koste en-inkomste.

Volgens Marshall (1978, p.1) het koste van masjinerie op die Transvaalse Hoëveldse mielieplase, uitgedruk as 'n persentasie van totale plaas-uitgawes, gestyg vanaf 31,2% in 1969/70 tot 40,7% in die 1974/75 seisoen.

Boere in Engeland is al vir 20 jaar of meer besig met 'n wedloop teen vooruitgang. Vanaf die vroeë vyftiger het die pas begin versnel en is die deelnemers besig om uit te spreid soos veldlopers (cross-country runners); die gapings tussen die leiers en die agterosse is besig om te vergroot (Dexter en Barber, 1967, p.1). Dieselfde is sekerlik deesdae ook van toepassing op Suid-Afrika.


Dit is duidelik dat boerdery vandag 'n hoogs gespesialiseerde beroep geword het wat nie alleen hoë eise aan die bestuursvermoë van die individuele boer stel nie, maar ook groot investerings vergen, daarmee saam, 'n insig in finansiering (Jacobs, 1968, p.8).

Van Logtestijn en Zwarts (1965, p.7) verklaar dan ook dat "Een van de

moeiljkste problemeen waar die agrarische bevolking van ons land mee te maken heeft is het probleem van de financiering".

Die afvloeï van arbeid uit die landbou as gevolg van groot volksver-skuiwings vanaf die platteland na die stede maak die landbou al meer afhanklik van meganisasie en dus van kapitaal met sy meegaande finansierings-probleme.

Onderstaande skets dui die verband aan tussen arbeid en kapitaal. Soos die beskikbaarheid van arbeid verminder moet die kapitaalkoste dienooreen-komstig verhoog ten einde die bedryf aan die gang te hou.



Bron: Heady en Swanson (1952, p.95)

Die relatiewe belangrikheid van mediumtermyn kapitaal sal dus 'n steeds groter rol speel in die landbou van die toekoms, terwyl die relatiewe belangrikheid van grond en arbeid as produksiefaktore sal afneem.

Hiervan kan daar afgelei word dat die verkryging en korrekte aanwen-ding van kapitaal 'n baie belangrike voorvereiste is vir welslae op boer-derygebied. Die implikasies van swak of geen besigheidspraktyke is dat onnodige groot bedrae aan rente op lenings-kapitaal uitbetaal word wat tot onnodige hoë bedryfskoste sal lei.

Die raad van die Landbank spreek in sy 1978-jaarverslag kommer uit oor die aanhoudende styging in agterstallige rente- en kapitaalbetalings deur Suid-Afrikaanse boere in weerwil van die feit dat gunstige seisoene die afgelope drie tot vier jaar in die meeste landbougebiede ondervind is (Anon, 1979, p.116).

Dit sluit aan by 'n artikel van Fourie (1979, p.35) waarin hy die boere aanval omdat hulle "na 'n goeie oes geld te dikwels onoordeelkundig bestee". Hy beweer verder dat haas alle boere sorg vir reserve voorrade voer en water op hulle plase maar dat dit opvallend is dat dieselfde gesonde bestuurspraktyke nie net so vanselfsprekend in hulle geldsake gevolg word nie.

Volgens 'n artikel in Beeld van Vrydag, 9 Maart 1979 het "die krediet waarvan boere gebruik maak die afgelope drie en 'n half jaar van R1 790-miljoen tot R2 820-miljoen toegeneem". Dit verteenwoordig 'n styging van R1 030-miljoen of 58 persent oor slegs $3\frac{1}{2}$ jaar.

Wanneer die rente op hierdie R2 820-miljoen teen 'n rentekoers van 10 persent vergelyk word met ander kostefaktore, kan 'n indruk gevorm word van die belangrikheid van rente as 'n kostefaktor.

Gedurende 1977/78 was die belangrikste koste faktore as volg:-

Vee- en pluimveevoer	R 330-miljoen
Kunsmis	R 285-miljoen
Rente op leningskapitaal	R 282-miljoen
Brandstof	R 198-miljoen
Dip- en spuitstowwe	R 72-miljoen
Verpakkingsmateriaal	R 70-miljoen

Rente op leningskapitaal is dus die derde belangrikste bedryfsuitgawe en was in die 1977/78 seisoen slegs 'n skrale 1% minder as kunsmis.

Omdat boere hoofsaaklik as individue funksioneer, gee dit hom weinig of geen beheer oor pryse wat hy vir sy produk kan kry of wat hy vir sy hulpmiddel sal betaal nie. Die enigste area van beheer waaroor die boer beskik is die beheer van sy produksiekoste waarvan rente op leningskapitaal 'n belangrike komponent is (Stone, 1968, p.14).

Jacobs (1968, p.105) beklemtoon die belangrikheid van beheer van vreemde kapitaal. Die gebruik van vreemde kapitaal lê 'n vaste jaarlikse verpligting op die bedryf. As hierdie verpligting te swaar op die bedryf druk, maak dit hom kwesbaar wanneer daar krisisse in die landbou ontstaan.

Hierdie skripsie het ten doel om aan die boer 'n beter agtergrond te gee van finansiering ten einde hom in staat te stel om die minimum rente op lenings te betaal en sodoende sy kontantvloei te verbeter en rentekoste tot 'n minimum te beperk.

2. Indeling

Hoofstuk 2 bestaan uit 'n aantal definisies en verklarings van die minder bekende terme wat in hierdie skripsie gebruik word en wat deel vorm van die vaktaal van die bestuurder in enige onderneming en dus ook van die boer as bestuurder van sy onderneming. Die meeste aandag word vanselfsprekend aan die definisie en klassifikasie van vaste bates gewy.

Die verskillende metodes van finansiering van vaste bates word in hoofstuk 3 bespreek terwyl die metodes van evaluering in hoofstuk 4 behandel word. In hoofstuk 5 word die verskillende rekeningkundige berekeninge bespreek en word die gepaardgaande tabelle en grafieke as 'n bylaag aangeheg.

Vanweë die Landbank se baie belangrike en onontbeerlike rol in landboufinansiering, word 'n afsonderlike hoofstuk, hoofstuk 6, aan die doel van die Landbank en watter hulp die Landbank aan die boer kan bied, gewy.

In hoofstuk 7 word enkele belangrike gevolgtrekkings gemaak met die samevatting aan die einde van die hoofstuk.

3. Metode van ondersoek

Daar was hoofsaaklik van literatuurstudie gebruik gemaak gedurende die ondersoek. Waar dit nie moontlik was om noodsaaklike inligting in die literatuur te vind nie, was besoeke afgelsê by ondernemings soos handelsbanke en landbou- en finansieringsinstansies.

Die tabelle in die bylaag was opgestel deur veranderlikes te gebruik wat tydens die studieperiode van toepassing was. Daar moet streng op gelet word dat huidige waardes vir die veranderlikes gebruik moet word wanneer soortgelyke vergelykings getref word.

Die grafieke is direkte weergawes van sommige van die tabelle en dien ter illustrasie van die tabelle.

DEFINISIES EN VERKLARINGS1. Algemene definisies en verklarings

Bates : Bates kan eenvoudig as die besittings van 'n persoon of onderneming aangedui word. In die sakewêreld word bates in vaste bates en bedryfsbates verdeel.

Bedryfsbates : Dit word ook "vlottende bates" deur sommige outeurs genoem. Bedryfsbates is daardie besittings wat oor die korttermyn in kontant omskep kan word en bestaan hoofsaaklik uit kontant, voorraad en debiteure.

Bedryfskapitaal : Daardie kapitaal wat benodig word om bedryfskoste te finansier.

Belegging : Word deur Reynders (1974, p.4) beskou as die oordrag van koopkrag aan derde partye of die uitleen van spaargeld met die doel om 'n inkomste deur middel van rente te verdien.

Bruikhuur : (Engels = leasing) : Huur van bates oor die langtermyn. Alhoewel die huurder alleengebruik van die bate het, word hy nooit die eienaar nie.

Eie kapitaal : Daardie deel van die beskikingsmag wat aan die eienaar van die onderneming behoort (b.v. reserves en onverdeelde winste).

Enkelvoudige rente : Dit is die rente wat verdien word gedurende 'n enkele renteperiode (Fleischer, 1967, p.11). Enkelvoudige rente word normaalweg aan die einde van die periode uitbetaal.

Finansiering : Die verskaffing of verkryging van kapitaal vir die aankoop van produksiefaktore. Aktiewe finansiering dui die beskikbaarstelling van kapitaal deur 'n kapitaalverskaffer aan, terwyl passiewe finansiering voorsiening van kapitaal deur die onderneming self aandui.

Huidige waarde : Die waarde vandag van 'n som geld wat in die toekoms betaal of ontvang moet word.

Investerings : Die verkryging van die besit van reële ekonomiese objekte soos grond, geboue, masjinerie en voorrade (Reynders, 1974,p.4).

Irrelevant : Hierdie term wat direk vertaal kan word na "nie ter sake" word gebruik om aan te dui dat 'n sekere aksie wat tot 'n koste lei nie in ag hoef geneem te word in die besluitnemingsproses nie. Byvoorbeeld:- enige koste alreeds aangegaan sal nie 'n toekomstige besluit beïnvloed nie. Netso sal inkomste nie die besluit beïnvloed wanneer dit in alle moontlike alternatiewes identies is nie.

Kapitaal : Word beskou as die in geld uitgedrukte waarde van die onderneming se bates, en kan verdeel word in "eie kapitaal" en "vreemde kapitaal".

Kontantvloei : Dui die ontvangste (kontantinvloei) of betalings (kontantuitvloei) van 'n kontant som geld aan. Dit is 'n werklike ontvangs of betaling en nie slegs 'n verpligting nie.

Korttermyn : 'n Periode van minder as een jaar word gewoonlik as 'n korttermyn aangedui. Die periode, soos in die geval van medium- en langtermyn, is nie absoluut afgebaken nie en kan tot 'n maand meer of minder as 'n jaar wees.

Langtermyn : Dit dui gewoonlik 'n periode van 1 tot 20 jaar aan in welke geval dit moontlik in 'n mediumtermyn (1 - 5 jaar) en langtermyn (5 - 20 jaar) periode verdeel kan word. Afhangende van omstandighede kan langtermyn slegs 'n periode van 1 - 5 jaar ook wees.

Likwiditeit : Die voortdurende vermoë van die onderneming om op die juiste moment sy nodige kontant verpligtinge na te kom. Dit geld slegs vir die korttermyn waar voorrade verkoop kan word of uitstaande skulde ingevorder kan word om essensiële krediteure te betaal.

Marginale belastingkoers : Daardie belastingkoers waarteen die belastingbetaler aangeslaan word vir elke addisionele Rand wat hy verdien.

Medium-termyn : Waar dit nodig is om 'n langtermynperiode beter te omskryf of waar daar 'n duidelike onderskeid tussen lang- en medium-termyn is, word hierdie term gebruik. Dit dui gewoonlik 'n periode van 1 tot 5 jaar aan maar is ook nie absoluut nie en kan van minder as 1 jaar onderste limiet tot tussen 3 en 6 jaar as boonste limiet lê.

Netto huidige waarde : Die huidige waarde van die netto kontantvloei.

Netto kontantvloei : Die rekenkundige verskil tussen kontantuitvloei en kontantinvloei. Die bedrag is positief as die invloei groter is as die uitvloei, en negatief as die uitvloei groter is as die invloei.

Produksiefaktore : Dit word algemeen aanvaar dat dit daardie faktore is wat die boer in staat stel om sy boerdery te bedryf en bestaan uit Arbeid, Grond, Kapitaal en Organisasie.

Rente : Rente is die prys wat betaal moet word (of verdien kan word) vir die gebruik (of uitleen) van kapitaal. By berekening van rente moet nie net die aangekondigde rentekoers gebruik word nie, maar moet die uiteinde-like koste verbonde aan die verkryging van die kapitaal soos boekgelde, ter plaatse ondersoek, reiskoste, onderhoude, registrasiekoste, ens. in aanmerking geneem word (Jacobs, 1968, p.101).

Rentekoers : Rentekoers word gewoonlik uitgedruk as 'n persentasie en is die verhouding tussen rente betaal gedurende 'n periode van gewoonlik 'n jaar, en die bedrag verskuldig aan die begin van dieselfde periode (Fleischer, 1967, p.11).

Saamgestelde rente : Dit word periodiek bereken op die totale bedrag verskuldig (hoofsom plus rente reeds betaalbaar) aan die begin van elke periode. Die samegestelde rente betaalbaar is die somtotaal van alle rente so bereken. Rente word dus verdien op die hoofsom en die rente (Fleischer, 1967. p.11).

Slopingswaarde : Die verkoopwaarde van 'n bate aan die einde van sy ekonomiese leeftyd.

Solvabiliteit : Die vermoë van die onderneming om al sy skulde (lang en korttermyn) met sy bates (vaste en bedryf) te kan dek.

Vaste bates : Dit word beskou as daardie besittings wat nie maklik oor die korttermyn in kontant omgesit kan word nie. Grond, masjinerie, implemente en voertuie val in hierdie kategorie.

Voorraad : Daardie bate wat oor die korttermyn in kontant omgesit kan word. Tipiese voorbeelde vir die boer is sy oes (of verwagte oes) asook die verbruikbare hulpmiddele soos kunsmis of voer.

Vreemde kapitaal : Daardie deel van die beskikkingsmag wat van derde partye of nie-eienaars kom en dra die karakter van skuld of krediet waarvan 'n rente- of aflossingsverpligting gekoppel is.

2. Definisie en verklaring van vaste bates

Vaste bates word deur verskillende outeurs uit verskillende oogpunte benader, soos duidelik uit onderstaande paragrawe afgelei kan word.

Taylor en Shearing (1974, p.10) se verklaring is dat vaste bates daardie bates is wat aangeskaf word om te help in die proses om 'n inkomste te verdien oor 'n lang tydperk en word byvoorbeeld nie aangehou met die doel om 'n wins te maak met herverkoop daarvan nie.

Adam Smith het in die laat agtiende eeu reeds vaste bates soos volg gedefinieer : "Some part of the capital of every master artificer or manufacturer must be fixed in the instruments of his trade" (Foulke 1968, p.85).

Volgens Foulke self (1968, p.86) is vaste bates items wat nie gereedelik omskepbaar is in kontant gedurende die normale handelinge van die onderneming nie. Vaste bates, anders as voorraad wat 'n bedryfsbate is, is nie onderworpe aan periodieke aankoop en verkope nie.

Paton en Littleton (1940, p.82) definieer vaste bates as "revenue charges in suspense awaiting some future matching with revenue as costs or expenses."

Horngren (1975, p.74) verwys na vaste bates as tasbare bates wat toekomstige diens verteenwoordig oor 'n lang periode.

Batty (1971, p.5) beskryf vaste bates as permanente bates wat aangekoop is vir gebruik in die besigheid in die verwesenliking van sy hoof doelstelling van vervaardiging en/of verkope.

Daar word deur sommige skrywers op grond van die fisiese eienskappe van bates onderskeid gemaak. So onderskei Limpert (1966, p.56) vaste bates as alle vaste goedere en bedryfsbates as alle los goedere soos byvoorbeeld diere.

Die realiseerbaarheid van die bate (hoe maklik dit is om die bate in geld om te sit) is volgens Mathews (1965, p.40) 'n ander onderskeidingsmetode terwyl Limpert (1966, p.56) ook omlooptyd (hoe lank neem dit vir die kapitaal wat in die bate belê word om weer vry te kom) as 'n metode van onderskeid aandui.

Rose (1960, p.182) onderskei bates op grond van die funksie wat die bate in die onderneming vervul. Hiervolgens is vaste bates die aktiewe produksiemiddele wat daar is om aktief mee te werk aan die voortbrenging van goedere wat die onderneming wil verkoop, of wat gebruik word om ander bates mee te produseer.

Siropolis (1977, p.173) beskryf vaste bates miskien die duidelikste deur te sê dat dit hulpmiddele is waarvan die gebruik die investeerder vir meer as 'n jaar sal bevoordeel. Daar word dus nie voorsien dat vaste bates binne 'n jaar vandat dit gekoop is, verkoop gaan word om 'n inkomste te verdien nie. In teenstelling hiermee is bedryfsbates (ook genoem vlottende bates) daardie hulpmiddele waarvan die voordele minder as 'n jaar sal geld of ook outomaties al daardie bates wat nie as vaste bates geklassifiseer kan word nie.

Dit is duidelik dat daar nie een duidelike afgebakende definisie is vir vaste of bedryfsbates nie. Die vraag of 'n bate vas of 'n bedryfsbate is, hang af van die doel waarvoor dit aangekoop is en nie waaruit dit bestaan nie. So byvoorbeeld kan 'n koei 'n vaste bate wees as sy vir teel-

doeleindes aangehou word, of 'n bedryfsbato as sy vir slagdoeleindes aangehou word.

Terwyl al hierdie stellings op die besigheidswêreld toegespits is, kan dit egter ook van direkte toepassing op die boerderybedryf gemaak word.

3. Voorbeelde van vaste bates

3.1 Grond, geboue en verbeteringe

Voordat 'n persoon kan boer, het hy grond nodig, Ross (1927, p.15) het al so vroeg as 1927 die stelling gemaak dat dit nie net beginners is wat grond nodig het nie, maar ook daardie boere wat wil uitbrei.

Geen boer wat homself 'n boer noem, sal tevrede wees om op 'n plaas sonder verbeteringe te boer nie. Die verbeteringe sluit in geboue (b.v. woonhuis, pakhuis, stalle, krale, skure, omheininge, kampe, damme, besproeiingsisteme, dipbakke, bome (boorde, bosse, plantasies), en gelykmaak of terrasering van grond.

Volgens Mellor (1969, p.178) behels hierdie afdeling in Amerika 80-90% van die totale kapitale investering in boerdery maar is die krediettermyn gewoonlik van langer duur as wat dit is in die geval van byvoorbeeld masjinerie.

3.2 Masjinerie, implemente en ander toerusting

Alhoewel items in hierdie afdeling nie vas is in dié opsig dat hulle geanker is nie, klassifiseer hulle per definisie as vaste bates omdat hulle bates is wat aangeskaf was om te help in die proses om 'n inkomste te verdien.

Die wenslikheid om masjinerie, implemente en ander toerusting te besit vir alleengebruik, hetsy deur die aankoop, huur of bruikhuur daarvan of om dit op gemeenskaplike basis deur middel van 'n kontrak of vennootskap te gebruik, word in 'n latere hoofstuk bespreek.

Moore en Jabos (1972, p.22) gebruik hier die benaming "aanleg bates" (plant assets) wanneer hy vaste bates beskryf wat oor 'n lang tydperk gebruik word om in 'n onderneming deur sy gebruik 'n inkomste in te bring.

3.3 Lewende hawe

In hierdie geval is daar geen rede om te dink dat dié item 'n vaste bate kan wees nie. Wanneer daar egter weer na die definisie en verduidelikings van vaste bates gekyk word, is dit duidelik dat lewende hawe wat vir teeldoelendes of broeidoeleindes aangekoop word, beskou kan word as vaste bates.

METODES VAN FINANSIERING1. Inleiding

Daar is twee basiese bestuursbesluite betrokke by die aankoop van vaste bates. Die eerste is om te besluit watter bate om te koop, en die tweede watter tipe finansiering gebruik sal word. 'n Derde besluit is die metode van beskikbaarstelling wat nou saamhang met die finansieringsbesluit.

In die nywerheidssektor vorm die eerste twee besluite gewoonlik 'n eenheid omdat hulle saam as een probleem opgelos word. Anders as by die boer, is die keuse van alternatiewe projekte beskikbaar vir die nyweraar minder beperk en het hy gewoonlik 'n groot keuse wanneer dit by die grootte en leeftyd van die projek kom.

Vir die boer geld gewoonlik ook ander kriteria wanneer dit by die keuse van alternatiewes kom. As hy byvoorbeeld 'n voorliefde vir mielieboerdery het, is sy keuse van plase beperk tot die areas waar mielies normaalweg verbou word en sal hy nie 'n plaas in die Karroo koop om mielies op te plant nie. Die grootte van die plaas is ook tot 'n sekere mate bepaal aangesien dit nie vir hom lonend sal wees om minder as 'n sekere minimum grootte grond te koop om mielies op te verbou nie.

Die implemente wat die boer benodig word ook tot 'n groot mate bepaal deur die tipe boerdery, en sal die finansiële faktor slegs oorweeg word wanneer dit by die grootte van implemente kom, soos byvoorbeeld by die keuse tussen 'n tweeskaar en 'n vierskaar ploeg.

Die boer kan dus met redelike sekerheid vooraf bepaal watter trekker hy benodig, of watter implement vir hom die beste nut sal hê.

Vir die doel van hierdie skripsie word die aanname daarom gemaak dat die eerste besluit reeds geneem is, met ander woorde die boer het reeds besluit in watter bate hy moet investeer, en sal slegs die finansieringsbesluit in hierdie skripsie behandel word.

Aangesien daar ander metodes van beskikbaarstelling as net deur middel van aankope ook tot die boer se beskikking is, het die boer ook 'n keuse van die metode van beskikbaarstelling.

Daar sal verder in hierdie hoofstuk op die alternatiewe metodes van beskikbaarstelling gelet word, terwyl die finansiële implikasies in daaropvolgende hoofstukke behandel sal word.

Metodes waarvolgens veral masjinerie beskikbaar gestel kan word vir gebruik is hoofsaaklik die volgende (Marshall, 1978, p.1) :

- a) Kontrakteurs
- b) Korttermyn huur
- c) Koöperatiewe gebruik
- d) Bruikhuur
- e) Private eienaarskap

Wanneer een van die laaste drie alternatiewes verkies word, word langtermynfinansiering benodig. Langtermynfinansiering deur die boer is slegs vir alternatiewe (c) en (e) noodsaaklik terwyl langtermynfinansiering deur die verhuurder benodig word vir alternatief (d) ten tye van die aankoop deur die verhuurder.

Die aanname word gemaak dat die implemente of masjinerie alreeds aangekoop is in die geval van alternatiewe (a) en (b). Die boer benodig dus bedryfskapitaal vir alternatiewe (a), (b) en (d) en nie langtermynfinansiering nie. Aangesien al vyf bogehoemde metodes van beskikbaarstelling tot die boer se beskikking is, sal almal volledigheidshalwe hier bespreek word.

2. Kontrakteurs

Hierdie metode van beskikbaarstelling is net van toepassing op masjinerie, implemente en toerusting en word dwarsdeur die Republiek gebruik. Dit is gewoonlik van toepassing op hoë koste eenhede wat vir kort periodes gedurende die jaar gebruik word, of word verkies deur boere wat nie self volle gebruik van die eenheid kan maak nie.

Alhoewel die diens deur die land beskikbaar is, word dit volgens

Marshall (1978, p.7) slegs benut in daardie gebiede waar die aanvraag groot genoeg is vir kontrakteurs om die nodige belegging te maak.

Dorsmasjiene en grondverskuiwingsimplimente is bo-aan die lys van eenhede wat op kontrakbasis gebruik word, terwyl die huur van vliegtuie vir spreid van insekdoders, onkruidodders en kunsmis ook baie byval vind. Die grootste nadeel verbonde aan die dienste van kontrakteurs is dat hulle nie genoeg masjien-kapasiteit beskikbaar het om in al die behoeftes waarvoor hulle gekontrakteer het, te voorsien nie.

Voordat die boer die kontrak sluit, moet hy homself vergewis van alle koste waarvoor hy verantwoordelik sal wees.

Die feit dat die boer nie 'n groot aanvanklike belegging hoef aan te gaan nie, tesame met die gerusstelling dat hy nie die verkeerde toerusting aangekoop het nie, is van die grootste voordele vir die boer en dra by tot die groter buigsaamheid van hierdie metode.

Dexter en Barber (1967, p.87) vind egter dat daar 'n ingebore teenstand teen kontrakteurs in sommige kringe is. Hulle ignoreer die bewering wat teen kontrakteurs gemaak word naamlik dat die werk nooit gedoen kan word wanneer daarvoor gevra word nie en vermoed ook dat dit 'n kwessie van valse trots is en dat die boere bang is dat hulle nie met die "Joneses" met hulle pragtige nuwe implimente kan meeding nie. Hierdie boere sal nie droom om 'n kontrakteur op hulle landerye toe te laat nie behalwe miskien om kalk of insekdoder te strooi (mits dit algemene praktyk vir die omgewing is).

3. Korttermyn huur

Dit is 'n metode wat volgens Marshall (1978, p.13) wel toegepas word maar nie baie byval vind nie. Dit is gewoonlik kleinboere op hoewes naby stede wat van dié metode gebruik maak.

Landbou-koöperasies lewer gewoonlik hierdie diens wat bestaan uit byvoorbeeld snoei- en spuitimplimente, ens. terwyl privaat ondernemings items soos betonmengers, steiers, kompressors, ens. verhuur.

Finansiering van vaste bates wat in die koöperatiewe metode aangekoop word, is netso belangrik vir die groepe as wat dit is wanneer 'n enkele boer die aankope sou doen. Die enigste verskil tussen die groep en die enkelling is dat die aankoopkoste in die geval van koöperatiewe gebruik tussen die deelnemers verdeel word.

Afgesien van die besparing in koste by die aankoopproses, is dit nie nodig vir elke deelnemende boer om spesialiste vir gespesialiseerde eenhede te hê nie omdat die operateurs saam met die betrokke eenheid beweeg. Dit dra dus by tot 'n verdere koste-besparing.

Die rede waarom hierdie metode nie baie toegepas word nie, is omdat die boer tradisioneel individualisties van geaardheid is.

Die voorvereistes van sukses van die koöperatiewe onderneming is eerstens 'n totale wedersydse vertroue in en onder mekaar. Tweedens moet daar seker gemaak word dat die eenheid groot genoeg is om in alle deelnemers se behoeftes te voorsien, en derdens moet die rotasie van die eenheid reg beplan word.

Laasgenoemde voorvereiste bly egter die grootste nadeel en hou ook nou verband met die steeds groeiende behoefte van die deelnemers.

Omdat die boer inherent 'n selfonderhoudende en onafhanklike wese is, word daar nie baie van hierdie metode gebruik gemaak nie. Die teenstelling van hierdie metode is die verkryging van groter plaaseenhede ten einde die voordele van meganisasie en massahantering self ten volle te kan benut in plaas daarvan om die gebruik van die masjinerie met ander te deel.

Dexter en Barber (1967, p.109) wys ook daarop dat 'n boer wat op sy eie sake bedryf, gesamentlik aandeelhouer en besturende direkteur van sy plaas is. Hy neem sy eie besluite, aanvaar volle verantwoordelikheid, neem die wins as sy inkomste en betaal belasting daarop. Hy moet verantwoording doen slegs aan sy Skepper op voorwaarde dat hy hom binne die land se wette hou.

Uit hierdie oogpunt beskou kan die vennootskap dus 'n las wees eerder as 'n bate. Indien daar egter wel op koöperatiewe gebruik besluit word, beveel Dexter en Barter (1967, p.109) aan dat die ooreenkoms verkieslik skriftelik uiteengesit moet word alhoewel dit nie 'n wettige vereiste is nie.

Uit 'n ekonomiese oogpunt, beskou Albrecht (1968, p.103) die koöperatiewe gebruik van masjinerie as daarop gemik om produksiefaktore so te rangskik dat dit tot maksimum inkomste lei, gegee 'n sekere tegnologiese vlak van ontwikkeling, koste struktuur en plaasstruktuur. Hy is dus 'n sterk voorstander van koöperatiewe gebruik waar masjinerie en toerusting nie ten volle deur 'n enkel boer benut kan word nie.

Omdat bestuur egter nie 'n outonome bestandeel van die sosiale leefwyse is nie en individuele sowel as sosiale doelwitte probeer bevredig en omdat samewerking tussen individue op sigself 'n sosiale proses is, is dit noodsaaklik om die koöperatiewe gebruik van landboumasjinerie en toerusting te beskou as 'n kompleksiteit van ekonomiese, sosiale en sielkundige faktore.

Die gedragsmagte agter koöperatiewe gebruik kan dus verdeel word in aandrywende of aanmoedigende kragte en beperkende kragte. Onder eersgenoemde word faktore soos die volgende gevind:-

Strewe na hoër inkomste,
Ekonomiese druk,
Aantreklikheid en praktiese uitvoerbaarheid van tegniese oplossings,
Insig in ekonomiese verhoudings,
Besikbaarheid van vry kapasiteit,
Tydelike aanvraag vir produksiefaktore,
Subsidies, goedkoop krediet, vrystelling van belasting en ander finansiële voordele.

Kragte wat beperkend op koöperatiewe gebruik inwerk is onder andere:-

Algemene huiwering betreffende innovasies,
Subjektiewe behoefte aan onafhanklikheid,
Vrees vir argumente,

Huiwering om goeie buurmanskap verhoudinge te vertroebel, en onsekerheid of diens van die benodigde gehalte gelewer kan word en beskikbaar sal wees op die gevraagde tyd.

Albrecht (1968,p.108) wys verder daarop dat na ondersoek van bogenoemde faktore dit tog bewys is dat koöperatiewe gebruik van landboumasjinerie wel kan slaag. In Wes-Duitsland bestaan daar georganiseerde groepe van tot 300 lede, terwyl kleiner groepe van 2 tot 6 lede algemeen is.

Een van die gevaarpunte wat mag ontstaan is wanneer een van die vennote se plaas só mag uitbrei dat hy self die beskikbare masjinerie ten volle kan benut. Die vraag is nou wie die bestaande masjinerie gaan behou. Hierdie probleem kan deur middel van 'n kontrak voorkom word.

Selfs in gevalle waar die metode wel toegepas word, is die vermindering in totale masjienkoste as gevolg van die gedeelde eenheid volgens Marshall (1978, p.19) relatief laag in verhouding tot die totale masjienkoste deur die boer aangegaan. Die bedrag wat gespaar kan word deur die regte finansieringsbesluit te neem is egter nog groot genoeg om die verskillende finansieringsmetodes te bestudeer.

5. Bruikhuur

Bruikhuur is relatief ingewikkeld en kom volgens Marshall (1978, p.17) in vier vorme voor. In die eerste geval koop die boer die eenheid, verkoop dit aan die verhuurder wat dit op sy beurt terug verhuur aan die boer.

Tweedens is daar die diens-bruikhuur waarby die huurder die toerusting huur met 'n instandhoudingswaarborg. Hierdie metode is veral populêr in Amerika se padvervoersektor.

In die derde geval kan die verhuurder optree as 'n finansiële agent vir die huurder en verkry hy beleggers wat vir die voordeel van belastingtoegewings die toerusting aankoop. Hierdie metode kom hoofsaaklik voor by nie-landbou beleggings wat vir belastingvoordele kwalifiseer.

Die mees algemene metode is egter die finansiële bruikhuur metode.

Die huurder kies die eenheid wat hy wil aankoop en kom met 'n verhuurder op 'n prys ooreen. Die verhuurder koop die bate en sluit 'n kontrak met die huurder. Die verhuurder is normaalweg 'n finansiële instansie wat belastingvoordeel uit die transaksie kan verkry, alhoewel die huurder ook 'n belastingvoordeel kry.

Die eenheid wat op bruikhuurterme gebruik word, word nooit die eiendom van die huurder nie en moet aan die einde van die periode aan 'n derde party verkoop word teen markprys. Die inkomste hieruit verkry word aan die huurder uitbetaal.

Die volle huur betaalbaar onder hierdie metode is aftrekbaar as 'n uitgawe voor belasting en laat dus die boer toe om sy skaars kapitaal vir ander doeleindes aan te wend. Die voordeel hang grootliks af van die belastingposisie van die individuele boer (Dexter en Barber, 1967, p.97).

Een van die voordele van bruikhuur, volgens Gole (1968, p.178), is dat geen deposito betaal hoef te word vir die ooreenkoms om 'n aanvang te neem nie, en kan die kontant vir ander doeleindes aangewend word.

'n Baie belangrike punt om in gedagte te hou by bruikhuur is instandhouding en versekering (Levy en Sarnat 1978, p.94). Alhoewel die bate nooit die eiendom van die boer word nie, kan hy nogtans verantwoordelik gehou word vir instandhouding gedurende die huurperiode asook die nodige versekeringdekking. Voornemende bruikhuurders moet hulleself vergewis van hierdie uitgawes voordat die bruikhuurkontrak onderteken word. Levy en Sarnat verwys ook na die finansiële bruikhuur variasie as die mees algemene vorm van bruikhuur.

Hulle bespreek ook 'n verdere aantal redes waarom bruikhuur meer voordele het as direkte aankope. Die belangrikste is die volgende:-

- a) Dit stel kontant beskikbaar wat andersins in hoër paalemente belê moes word.
- b) Die risiko van eienaarskap bly by die verhuurder, alhoewel die verhuurder daarvoor vergoed word in die huurgeld.

- c) Korttermyn bruikhuur besit die buigbaarheid dat die nuutste implemente altyd beskikbaar is.
- d) Belastingvoordele bestaan wanneer die bruikhuur termyn korter is as die termyn wat vir waardevermindering toegelaat word.

In enige vorm van huur, huurkoop uitgesluit, behoort die gehuurde bate, hetsy grond of masjinerie, altyd aan die verhuurder, en het die huurder slegs die gebruik daarvan. Die bate kan óf gehuur word deur 'n vaste bedrag per periode te betaal, óf deur 'n deel van die opbrengs, gewoonlik in die geval van grond, daarvoor te betaal.

6. Privaat eienaarskap

6.1 Inleiding

Indien die boer besluit om die eienaar van die bate te wees en hy oor die nodige kapitaal beskik, hetsy eie kapitaal (kontant) of vreemde kapitaal (krediet), kan hy die bate aankoop, 'n gedeelte van die lening direk en die res in paaiemente, gewoonlik jaarliks, afbetaal. Na 'n aantal jare is die skuld afgelos en is hy self die besitter van die bate.

Langtermynkrediet is gewoonlik hiervoor nodig want in die meeste gevalle moet die boer die bedrag betaal uit die opbrengs van die grond en is dit selde moontlikom die bedrag in 'n jaar of twee af te betaal.

As sekuriteit vir die onbetaalde gedeelte gee die boer gewoonlik as waarborg die bate self, of in baie gevalle deel van die grond indien die bate nie die grond is nie (Ross, 1927, p.15). Wright (1923, p.1) wys daarop dat die brug tussen huur en eienaarskap die plaasverband is.

In sy bespreking van die klein onderneming beweer Bates (1964, p.151) dat boerdery by uitstek aan die vereistes van 'n klein onderneming voldoen. Hy bespreek ook die finansiële probleem van die boer (p.11) om op die regte tyd die regte tipe finansiering in die regte hoeveelheid te ontvang ten einde uitbreidings te bewerkstelling.

Terwyl die groot onderneming relatiewe maklike toegang tot bronne van fondse het en terselfdertyd gespesialiseerde finansiële afdelings het wat hulle sake kan behartig, het die klein onderneming en dus ook die boer, drie spesiale probleme:-

- a) Dit is moeilik vir hulle om te kan bewys dat hulle sukses sal behaal en kan dus nie daardeur moontlike kredietgewers oorreed nie.
- b) Die bestaande finansieringsinstansies mag dalk nie voorsiening maak vir die spesiale probleem van die boer nie.
- c) Die boer mag onbewus wees van hoe of waar om krediet te verkry.

Gole (1968, p.37) bevestig dat verkryging van kapitaal die seleksie van die regte tipe finansiering op die regte tyd teen die regte koste behels. Hy beklemtoon verder dat 'n deeglike gangbare kennis van al die wetlike aspekte van finansiering nodig is sonder om 'n deskundige op die gebied te wees.

Die twee basiese vorme van krediet is die oortrokke bankrekening en die langtermynlening.

Privaateienaarskap is verreweg die mees algemene en populêre metode wat toegepas word in die gebruik van landboumasjinerie; nogtans is die aankoop van masjinerie 'n komplekse bestuursprobleem soos alreeds bespreek.

As daar aanvaar word dat die boer die ander vier metodes van die hand gewys het, en slegs privaat eienaarskap bly oor, is die volgende probleem die onderwerp van hierdie skripsie naamlik die metode van finansiering.

Soos met alle besluite is daar ook in hierdie geval 'n aantal alternatiewes, naamlik :-

- a) kontantaankope,
- b) huurkoop,
- c) oortrokke bank fasiliteite,

- d) langtermynlenings,
- e) uitgestelde verkope.

By 'n deelname aan die kredietverkeer is twee partye betrokke naamlik die kredietgewer en die kredietnemer. Albei partye moet baat vind by die onderhandeling; die kredietnemer (die boer in hierdie geval) moet in staat gestel word om suksesvol te produseer, terwyl die kredietgewer die belegging die moeite werd moet vind deurdat hy likwiditeit inboet (Jacobs 1968, p.93). Mellor (1969 p.82) beweer dat bronne van kapitaal vir ekonomiese ontwikkeling normaalweg in drie kategorieë verdeel kan word, naamlik buitelandse hulp, beleggings vanuit die buiteland en interne spare. Ongelukkig vir landbou verkry boere hul krediet hoofsaaklik vanaf laasgenoemde bron.

Daar is oor die wêreld gevind dat die boer 'n afkeur toon in die opneem van krediet. Twee redes in Nederland was "de vrees om zich te diep in die schulden te steken" en "een onvoldoenden vertrouwen in de toekomst" (Commissie Landbouwkrediet, 1960, p.86).

Ook in die VSA is dit die geval en het boere as rede aangevoer dat hulle liever 'n klein plasie waaraan geringe finansiële risiko verbonde is, sal koop as 'n groot plaas waaraan daar 'n groot finansiële risiko verbonde is (Jacobs, 1968, p.25).


Die meeste landbouers wat van krediet gebruik maak beskou krediet nie as in diens van die onderneming nie, maar as in diens van homself. Dit gaan dus nie om 'n verhoging van die rentabiliteit van die onderneming nie, maar eerder om homself in staat te stel om 'n redelike onafhanklike bestaan as bewoner van die grond te voer (Jacobs, 1968, p.95). Jacobs vind dat daar twee verdere tipes is wat onderskei kan word naamlik : eerstens diégene wat krediet as 'n euwel beskou en voel dat dit sy onafhanklikheid sal bedreig. In hierdie geval ly hulle hele produksie apparaat en die doeltreffendheid daarvan dikwels daaronder.

Tweedens is daar diégene wat, sonder om die gevolge van kredietneming te bereken, voortdurend op soek is na 'n kredietnemer wat

bereid is om die risiko verbonde aan 'n wankelende bedryf sonder enige lewensvatbaarheid en kredietwaardigheid met hom te deel.

Die boer beskik nie altyd oor voldoende eie kapitaal om toekomstige verliese die hoof te bied en as risikobuffer vir die aantrekking van vreemde middele te dien nie. Daar bestaan dus 'n beswaar by die kredietgewer wat met die spaarfondse van die publiek werk en dus 'n bepaalde likwiditeits- en solvabiliteitsposisie moet handhaaf, teen 'n té lang termyn waarvoor die fondse benodig word (Jacobs, 1968, p.625). Volgens Meïlor (1969, p.310) ontstaan daar in 'n tradisionele landbouomgewing probleme van finansiering en krediet hoofsaaklik vanweë 'n seisoenale produksiesiklus en 'n nie-seisoenale of eweredige verbruiksiklus. Vir die afwykings tussen aanvraag en beskikbaarheid word korttermynkrediet benodig, terwyl langtermynkrediet vir die nie-seisoenale aanvraag benodig word.

Onderstaande skets dui die verband aan tussen koste en krediet. Vaste koste word as 'n reguitlyn in die skets aangetoon, terwyl die bedryfskoste deur die golvende lyn voorgestel word. Bedryfskoste bestaan in wese uit twee komponente, naamlik 'n gedeelte wat "vas" is en wat periodiek deur die jaar betaal moet word, soos byvoorbeeld vaste arbeid, en 'n tweede komponent wat streng seisoenaal is, soos byvoorbeeld addisionele arbeid gedurende oestyd. Onder ideale omstandighede moet daar voldoende langtermynkrediet beskikbaar wees om alle vaste koste, plus die gedeelte van die bedryfskoste wat nie deur seisoenale skommeling beïnvloed word nie, te finansier. Daar word dus van korttermynkrediet gebruik gemaak slegs wanneer dit nog is om seisoenale bedryfskoste af te betaal.



a = Vaatekoste

b = Vaste komponent van bedryfskoste

c = Veranderlike komponent van bedryfskoste

Vyftig jaar gelede het Ross (1927, p.15) die steeds geldige stelling gemaak dat langtermynkrediet in die landbou met die grond self in verband staan. Die drie vernaamste redes waarom 'n boer vir krediet op die langtermyn sal benodig is

- a) om grond daarmee te koop,
- b) om die grond met goedere en hulpmiddels waarmee hy wil boer te te rus,
- c) om permanente verbeteringe op die grond aan te bring.

Dexter en Barber (1967, p.57) waarsku dat sommige kleiner boere hulle grootskaalse bure probeer na-aap deur duur masjinerie en implemente aan te skaf wat nie ten volle op hulle eie plase benut kan word nie.

Hulle stel dan ook voor (p.87) dat beleggings in masjinerie tot 'n minimum beperk moet word deur tweedehandse toerusting aan te skaf as hulle dan nie van kontrakteurs of huurfasiliteite kan of wil gebruik maak nie.

Stone (1968, p.161) beveel ook aan dat genoeg bedryfskapitaal teruggehou moet word om die daaglikse boerderybedrywighede toe te laat totdat die kontantinvloei die kontantuitvloei oorskry.

Die vermoë, sê Stone verder, om terugbetaling van lenings te bewerkstellig is 'n toets van die boer se solvabiliteit. Plaas aankope moet met dieselfde versigtigheid gedoen word as die aankoop van bates in enige ander bedryf.

Indien die boer wel van krediet gebruik maak, moet dit in sy bedryf verantwoord word. Dit is die bedryf in geheel wat moet baat by die opneem van krediet, en nie die eenheid alleen wat deur middel van krediet aangekoop word nie.

Van Vulpen (1962, p.191) stel dit dat die bedryf 'n organisatoriese geheel is. Elke onderdeel van die bedryf moet in die totale organisasie inpas. Dit geld in 'n besondere mate vir finansiering wat beoordeel moet word vanuit die bedryf as geheel.

6.2 Kredietverskaffers

Die normale kredietverskaffers is eerstens die Land- en Landboubank, kortweg genoem Landbank. Hulle is hoofsaaklik kredietverskaffers aan die boer en konsentreer nie daarop om wins te maak nie (Sien ook hoofstuk 6).

Die tweede grootste kredietverskaffer is die handelsbanke. Alhoewel hulle hoofsaaklik produksie-geïntereerd is en op korttermynkrediet konsentreer, verskaf hulle wel langtermynkrediet aan die boer. 'n Derde kredietverskaffer is lewensversekeringsmaatskappye, trustmaatskappye, bougenootskappe en eksekteurskamers. Hierdie instansies verskaf langtermynkrediet hoofsaaklik in die vorm van verbandlenings (Dexter en Barber, 1967, p.99). Hulle hoofdoel is ook nie landboufinansiering nie, maar belê in alle sektore van die ekonomie vir beter verspreiding van die risiko.

Landbou-koöperasies is 'n vierde vorm van kredietverskaffer, alhoewel dit ook nie hulle primêre doel is nie (Jacobs, 1968, p.547). Landbou-koöperasies is ook tot 'n groot mate afhanklik van die Landbank vir finansiering.

6.3 Kontant aankope

Kontantaankope is die eenvoudigste vorm van finansiering maar nie noodwendig die beste nie. Volgens Marshall (1978, p.15) gaan daar baie min finansiële buigbaarheid daarmee gepaard en het dit 'n invloed op die likwiditeit van die boer, die kontantvloei, die kapitaal posisie en die kredietwaardigheid van die boer.

In uitsonderlike gevalle beskik boere oor voldoende kapitaal om grond aan te koop. Ongeveer drie-kwart van alle beginners in landbou, insluitende diegene wat grond geërf het, beskik nie oor voldoende kapitaal om met die boerdery voort te gaan nie en moet ander metodes van finansiering aangewend word (Jacobs, 1968, p.17).

Volgens Dexter en Barber (1967, p.92) word 'n tekort aan kapitaal gewoonlik beskou as die grootste struikelblok om plaasbedrywighede uit te brei en winste te verhoog. Prof. A.W. Ashby (in Dexter en Barber,

1967, p.84) stel dit dat daar drie bronne van kapitaal vir die boer is, naamlik "patrimony, matrimony en parsimony". Ander bronne is egter die plaas self deur wie se inkomste óf kontantaankope gemaak kan word, óf paaielemente of ander skuld afbetaal kan word.

'n Verdere nadeel van kontantaankope is dat die koper weinig of geen toevlug het wanneer die masjien of toerusting nie korrek funksioneer nie. Die boer kan dus nie uitstaande betalings terughou totdat die masjien herstel is nie.

6.4 Huurkoop

Met hierdie alternatief verkry die boer gebruik van die eenheid voordat dit ten volle betaal is en neem slegs oordrag nadat die finale paaielemente insluitende all kostes, betaal is. Alhoewel die Huurkoopwet 'n deposito van minstens 20% en 'n afbetaalperiode van hoogstens drie jaar stipuleer, is landboutoerusting met 'n waarde van meer as R4 000 hiervan uitgesluit en kan die deposito rentekoers en afbetaalperiode varieër. Meeste finansiële instellings probeer egter volgens Marshall (1978, p.15) nog die Huurkoop Wet prosedure volg.

Normaalweg word geen sekuriteit benodig nie, maar by baie groot bedrae word daar tog gelet op die boer se kontantvloei en finansiële posisie. Met huurkoop is alle paaielemente vooruitbetaalbaar, waarvan die deposito die eerste paaielement uitmaak. Hierdie eerste paaielement word van die koopsom afgetrek voordat die finansieringskoste bereken word. Rente word op die totale bedrag oor die hele periode bereken en nie net op die uitstaande bedrag of die verminderde balans nie. Hiervolgens kan 'n rentekoers van sê 10% uiteindelik 15% tot 20% beteken. Huidige koerse wissel tussen 9 en 11% of effektief 14 tot 21%, en is gewoonlik 1 - 3% hoër as die bankkoers.

Die rentekoers hang af van die metode van afbetaling, bv. maandelikse afbetaling is minder riskant as 'n jaar aangesien 'n jaar tussen betalings verloop waarin die boer volle gebruik het van die masjien en kan die kredietgewer eers na 'n jaar die masjien terugneem as die boer nie kan betaal nie. Terugneem van masjinerie is gewoonlik die laaste uitweg en bestaan daar metodes waarvolgens verlenging van tyd toegestaan kan word.

Rentekoers hang ook af van die kredietwaardigheid van die boer.

Dexter en Barber (1967, p.97) beklemtoon ook dat die uiteindelijke rentekoers heelwat hoër is as wat die koper besef maar aanvaar dat huurkoop soms noodsaaklik is as daar geen ander kredietfasiliteite beskikbaar is nie. Kopers moet egter goed aandag skenk aan die hoër rentekoers voordat die huurkoop ooreenkoms aangegaan word.

Gole (1968, p.175) wys daarop dat huurkoop 'n metode is om die gebruik van vaste bates te bekom op 'n "betaal-terwyl-jy-verdien" basis. Volgens Gole bestaan die addisionele bedrag bo die koopprys uit rente, boekhoukoste, dokumentasie, invorderingskoste en kredietuitgawes. Gewoonlik is assuransië dekking ook ingesluit. Hierdie addisionele koste noem hy 'n "skikkingskoste".

6.5 Oortrokke bankfasiliteite

Handelsbanke kan oortrokke bankfasiliteite aan kredietwaardige kliënte op 'n jaarlikse basis toestaan. Die boer hoef nie redes te verstrek waarvoor die geld nodig is nie aangesien dit 'n erkende bron van bedryfskapitaal is, maar het die nadeel dat die oortrokke fasiliteite op kort kennisgewing opgeëis kan word.

Die rente op oortrokke bankrekenings is hoër as leningskoerse en kan op enige stadium opgeëis word. Indien die boer onder hierdie omstandighede sy bates te gelde moet maak om sy skuld af te los, sal dit in die eerste plek moeilik wees om die bates teen 'n goeie prys te verkoop, en in die tweede plek bring dit hom voor die ernstige probleem te staan dat hy nie verder in staat sal wees om 'n inkomste te verdien nie (Jacobs, 1968, p.56).

Schall en Haley (1977, p.541) beklemtoon dit dat dit noodsaaklik is "..... to finance short term needs with short term sources, and to finance long term needs with long term sources".

Ross (1927, p.20) waarsku ook dat dit nie met die boer goed sal gaan wanneer hy sy korttermynkrediet moet omsit in langtermynkrediet nie.

Morman (1924, p.293) sê hieroor onder andere "where a borrower has to refund short term loans into mortgage indebtedness because of insufficient income, he is fast becoming the most unfortunate being in the world."

Koerse wissel tussen 10,5 en 12,5% op die balans met 12,5% die maksimum wat deur die regering toegelaat word.

6.6 Langtermynlenings

6.6.1 Inleiding

Langtermynlenings is moeiliker bekombaar as korttermynlenings wat deur oortrokke bankfasiliteite verkry kan word, omdat die finansier gewoonlik wil weet waarvoor die lening benodig word en ook daarvan verseker wil wees dat hy sy geld gaan terugkry. Indien die boer nie kredietwaardig genoeg is nie, sal dit moeilik gaan om 'n lening te verkry.

Rentekoers is laer as die van korttermynlenings, maar volgens Batty (1971, p.14) bestaan die gevaar altyd dat, waar die lening groot is, behoer in die hande van die finansier kan oorgaan.

Teenoor langtermynkrediet wat aangewend is om 'n vaste bate aan te skaf en daardeur 'n langtermyn las word, staan bedryfslaste wat op die korttermyn d.w.s. binne 'n jaar, afgelos kan word. Daar moet dus altyd kontant beskikbaar wees, of beskikbaar gemaak kan word, om hierdie bedryfslaste te kan betaal, d.w.s. die onderneming moet likied bly.

6.6.2 Metodes van terugbetaling van langtermynlenings

Volgens Jacobs (1968, p.109) is daar verskeie metodes bekend in die praktyk, nl.

a) Kwasi-veranderlike terugbetalingsplan

Hiervolgens word die jaarlikse paalemente elke jaar hersien en vir die jaar in oënskou bepaal nadat daar vasgestel was of dit 'n goeie jaar was of nie. Die voordeel hieraan verbonde is dat die boer na 'n goeie oes meer op sy kapitaal kan afbetaal. Die nadeel is egter dat die kredietgewer hom laat lei deur die algemene

landboutoestande en nie deur die opbrengs van die individuele bedryf nie.

b) Enkelpaalementmetode

In hierdie geval word die hele kapitaalsom aan die einde van 'n voorafgestelde periode betaal. Intussen betaal die boer jaarliks slegs die rente en kan hy op enige manier wat hy goed dink die kapitaal oor die tydperk bymekaarmaak.

Die voordeel van hierdie metode is dat hy geen vaste kapitaal-verplichting gedurende die eerste paar jaar het nie, sodat hy hierdie periode kan gebruik om sy boerderyeenheid te konsolideer en selfstandig te maak. Daar is egter twee basiese nadele, naamlik dat konjunktorele toestande gedurende die laaste paar jaar so kan verander dat hy nie die nodige fondse kan akkumuleer nie en tweedens dat die rente wat hy kan kry wanneer hy die geld wat hy akkumuleer belê gewoonlik laer is as die rente wat hy self moet betaal.

c) Jaarlikse vaste-paalementmetode

Dit is seker die mees algemene metode en bestaan daaruit dat die kapitaal eweredig oor die tydperk gedelg word en dat die totale afbetaalsom hierdie kapitaal plus rente op die totale uitstaande skuld dek. Dit het die voordeel dat die boer 'n vaste basis vir die opstel van die jaarlikse begroting het maar het die nadeel dat die opbrengs van jaar tot jaar verskil met die gevolg dat hy in swak jare nie in staat is om sy verpligtinge na te kom nie. 'n Ander nadeel is dat jong boere nie die geleentheid het om sy eenheid gedurende die eerste paar jaar na die lening te konsolideer en te verstewig nie.

d) Verminderde paalementmetode

Die metode kom daarop neer dat 'n hoë paalement gedurende die eerste paar jaar terugbetaal word, met 'n al laer wordende paalement na die einde van die leenperiode.

Die voordeel verbonde hieraan word gesê is dat 'n jong boer goeie

werkvermoë het en in staat is om sy aflossingsverpligtinge na te kom. Die ouer boer, daarenteen, het nie meer die nodige geesdrif en werkvermoë om met swaar aflossingsverpligtinge belas te wil wees nie.

Hierdie voordeel sou slegs geldig wees indien die leningstermyn lank is soos vir aankoop van grond wat oor 'n termyn van twintig tot dertig jaar mag strek.

Die nadeel verbonde aan hierdie metode is in die geval waar 'n boer 'n korter termyn lening van vyf tot tien jaar het en dit juis gedurende die eerste paar jaar is dat hy kapitaal benodig om sy saak te konsolideer.

6.7 Uitgestelde Verkope

Hierdie is 'n finansieringsmetode wat gedurende die afgelope 18-maande deur handelsbanke aan boere bekendgestel is. Hierdie metode van finansiering vervang eintlik die huurkoopmetode. Dit het die bykomstige voordele bo die huurkoopmetode naamlik dat daar geen deposito benodig word nie en dat die volle koopsom plus rente betaalbaar gedurende die eerste jaar teen inkomste afgeskryf kan word vir belastingdoeleindes alhoewel die bedrag oor 'n periode van tot vyfjaar afbetaal kan word. Daar kan dus onmiddellike belastingvoordele verdien word. Vanweë hierdie twee belangrike voordele, het dit dan ook huurkoop as 'n metode van finansiering vir die boer vervang. Daar moet egter op gelet word dat dit net op vaste bates vir die bedryf van toepassing is en nie kan gebruik word vir byvoorbeeld aankoop van bates vir persoonlike gebruik nie.

Rentekoerse is 9 tot 11% op die totaal soos in die geval van gewone huurkoop en bruikhuur. Die effektiewe koers is dus ook 14 tot 21%.

METODES VAN EVALUERING1. Inleiding

Soos reeds tevore genoem is die basiese aanname in hierdie skripsie dat die besluit alreeds geneem is van watter eenheid aangeskaf moet word en die lewensvatbaarheid daarvan. Alle lopende uitgawes soos brandstof, onderdele, herverkoopwaarde asook inkomste as gevolg van die gebruik van die eenheid is vir alle finansieringsmoontlikheide dieselfde en dus irrelevant.

Die kardinale probleem volgens Fleischer (1967, p.2) is watter alternatief aanvaar moet word ten einde die langtermyn vermoë van die koper te maksimaliseer, en gaan dit hier om die finansieringsbesluit en nie om die investeringsbesluit as sodanig nie.

Om die kompleksiteit van bestuurstegnieke verder te illustreer is dit noodsaaklik om die verskillende metodes van evaluering te bespreek. Weereens, soos met alle bestuursaspekte, is daar geen verskil tussen die nywerheid en die landbou nie, daarom geld die metodes wat in handboeke vir die sakeman kwoteer word net so geldig ook vir die boer.

Die evalueringsmetodes word hoofsaaklik in twee kategorieë verdeel naamlik dié wat die tydwaarde van geld ignoreer, en dié wat die tydwaarde van geld in ag neem.

2. Metodes wat die tydwaarde van geld verontagsaam

Een van die mees bekende metodes is die "Terugbetaal-periode" of "Pay back period".

Volgens Schall en Haley (1977, p.797) is die terugbetaal-periode daardie tydperk wat benodig word vir 'n bate om net genoeg netto kontantvloei na belasting te verdien om die aanvanklike uitleg vir die bate af te betaal. Dit dui dus aan hoe lank dit sal neem om die aanvanklike investering te herwin.

Bierman en Smidt (1966, p.21) definieer die terugbetaalperiode as daardie tydskuur benodig vir die stroom van kontantopbrengs wat deur die investering verdien word, om presies gelyk te wees aan die oorspronklike kontantinvestering.

Uit bogenoemde twee definisies kan die terugbetaalperiode opgesom word as daardie verwagte aantal jare wat sal verloop voordat die oorspronklike investering uit die kontantinkomste verhaal word.

Byvoorbeeld, as 'n aanvanklike belegging van R20 000 'n jaarlikse netto kontantinvloei van R3 500 na belasting het, is die terugbetaalperiode

$$\frac{20000}{3500} = 5,7 \text{ jaar.}$$

Onderstaande syfervoorbeeld toon die metode van berekening van netto kontantinvloei na belasting aan.

Voorbeeld 4-1

Kontantinvloei	R10 000	
Kontantuitvloei	<u>5 000</u>	
Netto kontantvloei	5 000	
Waardevermindering	<u>2 000</u>	(Reguitlyning oor tien jaar)
Netto inkomste voor belasting..	3 000	
50% belasting	<u>1 500</u>	
Netto inkomste na belasting ...	1 500	
Plus waardevermindering	<u>2 000</u>	(Waardevermindering is nie 'n kontantuitvloei nie).
Netto kontantvloei na belasting	<u>R3 500</u>	

In die praktyk word 'n maksimum periode vasgestel waarin die aanvanklike investering herwin moet word. Indien meer as een alternatief vergelyk word, sal die alternatief met die laagste waarde gekies word, op voorwaarde dat dit aan die maksimum periode vereiste voldoen.

Hierdie metode het egter beliste nadele. Eerstens gee dit geen aandag aan inkomste ná die terugbetaalperiode nie. In die tweede plek neem dit nie die tydwaarde van geld in ag nie. Hierdie twee faktore is veral van belang wanneer die nettokontantvloei nie konstant is nie, maar wissel van jaar tot jaar. Ten tye van hoë inflasie speel die tydwaarde van geld 'n belangrike rol.

Afgesien van hierdie besware word die metode tog dikwels in die praktyk gebruik, veral in gevalle waar die investering riskant is en aan 'n groot onsekerheid gekoppel is. Hoe goer die investering verhaal kan word hoe minder riskant is die investering.

Indien die metode nie as 'n absolute model gebruik word nie, maar slegs vir vergelykende doeleindes aangewend word, kan alle irrelevante bedrae oor die hoof gesien word en sal die kleinste getal die beste alternatief aandui met inagneming van die feit dat die tydwaarde van geld ge-ignoreer is.

'n Tweede metode in hierdie kategorie is die "Onaangesuiwerde opbrengskoers"-metode. Die formule vir die onaangesuiwerde opbrengskoers is:

$$\text{Onaangesuiwerde opbrengskoers} = \frac{\text{gemiddelde jaarlikse wins}}{\text{aanvanklike investering}}$$

$$R = \frac{P}{I} = \frac{N - W}{I} \quad \text{waar}$$

R = onaangesuiwerde opbrengskoers

P = gemiddelde jaarlikse wins

I = aanvanklike investering

N = netto kontantvloei na belasting

W = waardevermindering

Indien voorbeeld 4-1 weer gebruik word, is die onaangesuiwerde opbrengskoers:

$$\begin{aligned} R &= \frac{P}{I} \\ &= \frac{1500}{20000} \\ &= 0,075 \text{ of } 7,5\% \end{aligned}$$

Die alternatief met die hoogste opbrengskoers sal voorkeur geniet maar kan, net soos in die geval van die terugbetaalperiode, misleidend wees omdat dit dieselfde nadele het.

5. Metodes wat die tydwaarde van geld in agneem

3.1 Huidige waar van geld

Voordat die metodes bespreek word, moet aandag eers aan die konsep "Huidige waarde" gewy word.

Die bedrag van R1,00 kon twintig jaar gelede baie meer koop as R1,00 vandag. Daar word dan gewoonlik gewys na die "pryse van alles wat opgegaan het". In werklikheid beteken dit egter dat die R1,00 sy koopkrag verloor het.

Bloek en Louderback (1973, p.82) verduidelik huidige waarde as die waarde vandag van 'n som geld wat in die toekoms betaal of ontvang moet word en verduidelik verder dat as R100 ten 10% per jaar saamgestelde rente belê word, dit na 5 jaar R161,05 werd sal wees. Omgekeerd beteken dit dat R161,05 5-jaar vorentoe, teen 'n diskontokoers van 10% 'n huidige waarde van R100 het. Om die konvensionele benadering te gebruik, kan ons dus sê dat R1,00 vyf jaar vorentoe, teen 'n diskontokoers van 10%, 'n huidige waarde van R0,6209 sal hê.

Daar bestaan tabelle en formules in die literatuur wat berekeninge van huidige waardes vergemaklik. Onderstaande is 'n voorbeeld van so 'n diskontotabel.

Tabel 4-1Huidige waarde TabelDie huidige waarde van R1 waar r = rentekoers n = aantal jare

$\begin{smallmatrix} r \\ n \end{smallmatrix}$	4	6	8	10	12	14	16	18
1	0,9615	0,9534	0,9259	0,9091	0,8929	0,8772	0,8622	0,8474
2	0,9246	0,8900	0,8573	0,8264	0,7972	0,7695	0,7432	0,7182
3	0,8890	0,8396	0,7938	0,7513	0,7118	0,6750	0,6407	0,6086
4	0,8548	0,7921	0,7350	0,6830	0,6355	0,5921	0,5523	0,5158
5	0,8219	0,7473	0,6806	0,6209	0,5674	0,5194	0,4761	0,4371
6	0,7903	0,7050	0,6302	0,5645	0,5066	0,4556	0,4104	0,3704
7	0,7599	0,6651	0,5835	0,5132	0,4532	0,3996	0,3538	0,3139
8	0,7307	0,6274	0,5403	0,4665	0,4039	0,3506	0,3050	0,2660
9	0,7026	0,5919	0,5002	0,4241	0,3606	0,3075	0,2630	0,2255
10	0,6756	0,5584	0,4632	0,3855	0,3220	0,2697	0,2267	0,1911
15	0,5553	0,4173	0,3152	0,2394	0,1827	0,1401	0,1079	0,0835
20	0,4564	0,3118	0,2145	0,1486	0,1037	0,0728	0,0514	0,0365
25	0,3751	0,2330	0,1460	0,0923	0,0588	0,0378	0,0245	0,0160
30	0,3083	0,1741	0,0994	0,0573	0,0334	0,0196	0,0116	0,0070
35	0,2534	0,1301	0,0676	0,0356	0,0189	0,0102	0,0055	0,0030
40	0,2083	0,0972	0,0460	0,0221	0,0107	0,0053	0,0026	0,0013
45	0,1712	0,0726	0,0313	0,0137	0,0061	0,0027	0,0013	0,0006
50	0,1407	0,0543	0,0213	0,0085	0,0035	0,0014	0,0006	0,0003

In plaas van tabelle kan 'n formule ook gebruik word om die netto huidige waarde van 'n bedrag te bereken:

$$NHV = \frac{S}{(1 + r)^n}$$

Waar S = netto kontantinvloei aan die einde van die jaar

= rentekoers per jaar + 100


n = aantal jare

(Levy & Sarnat, 1978, p.29)


Die aantal jare in bogenoemde formule kan ook na periodes verander word met 'n dienoooreenkomstige aanpassing in rentekoers.

Die huidige waarde van 'n rand kan egter ook grafies aangedui word.
(Grafieke 4-1 en 4-2).

Grafiek 4-1



Grafiek 4-1 dui die huidige waarde van R1,00 aan na enige aantal jare teen voorafbepaalde inflasiekoerse, byvoorbeeld, indien inflasie 15% is vir die volgende aantal jare, sal R1,00 van vandag slegs 43 sent werd wees oor ses jaar. Die afleiding kan desgelyks gemaak word dat R1,00 ses jaar van nou af, 'n huidige waarde van 43 sent sal hê.



Uit grafiek 4-2 kan soortgelyke afleidings gemaak word. Die enigste verskil is die posisies van die "Jaar" en "Inflasie" asse. Byvoorbeeld, teen 10% inflasie is die huidige waarde van R1,00 na drie jaar 75 sent.

Die terme "huidige waarde" kan hieruit definieer word as die waarde van 'n toekomstige bedrag, verdiskonteer na die huidige datum teen 'n toepaslike diskontokoers.

Al is daar geen inflasie nie, sal R1,00 vandag nogtans waardevoller wees as R1,00 enige tyd in die toekoms. Die rede hiervoor is dat die R1,00 rente kon verdien het as dit belê was en dus sou vermeerder het.

Die prys van brandstof het gedurende die afgelope 20 jaar vanaf ongeveer 5,5 sent per liter tot die huidige byna 55 sent per liter gestyg teen 'n gemiddelde jaarlikse inflasiekoers van 12,2 persent. Indien die neiging van ander faktore oor die volgende 20 jaar konstant bly, sal die prys van brandstof teen die jaar 2000 ongeveer R5,50 per liter wees.

3.2 Netto kontantvloei

Kontantvloei bestaan uit twee bewegings naamlik kontantinvloei en kontantuitvloei. Hiermee word bedoel die werklike invloei of uitvloei van kontant en sluit verkope of aankope op krediet uit. Die term wat hierop volg naamlik netto kontantvloei is slegs die resultaat wanneer die kontantuitvloei van die kontantinvloei afgetrek word. Die waarde is positief wanneer die invloei groter is as die uitvloei, en negatief wanneer die uitvloei groter is as die invloei.

Netto kontantvloei is een van die boustene van kapitaalebegroting. Laasgenoemde is egter nie vir die doel van hierdie skripsie belangrik nie.

3.3 Metodes

Daar word na die metodes wat die tydwaarde van geld in ag neem verwys as die Verdiskonteerdekontantvloei - (V.K.V.-) tegniek. Hierdie tegniek bestaan eintlik uit twee afsonderlike benaderings, naamlik

- a) Netto huidige waarde metode.
- b) Interne opbrengskoers.

In die "Netto huidige waarde" metode word die toekomstige netto kontantvloei verdiskonteer, d.w.s. die huidige waarde van elke jaar se netto

kontantvloei word bepaal teen 'n voorafbepaalde diskontokoers. Die som van die jaarlikse netto huidige waardes is die netto huidige waarde van die alternatief. Die mees aanvaarbare alternatief is daardie een met die grootste netto huidige waarde.

In die geval van die "Interne opbrengskoers" metode word die diskontokoers bereken wat die netto huidige waarde van die kontantuitvloei sal gelykstel aan die netto huidige waarde van die kontantuitvloei. Die alternatief met die hoogste diskontokoers sal die mees aanvaarbare alternatief wees.

Vir die doeleindes van hierdie skripsie word die "Netto huidige waarde" metode gebruik.

In stede daarvan om die NKV te verdiskonteer, verkies Block en Louderback (1973, p.129) om eers afsonderlik die netto huidige waardes van die kontantinvloei en die kontantuitvloei te bepaal en daarna die verskil tussen die twee te bereken.

Die metode is omslagtig maar besit die voordeel dat die netto huidige waarde van die kontantuitvloei en kontantinvloei vir die periode bepaal kan word.

Die funksie van die netto huidige waarde metode is om die netto kontantvloei van elke alternatief na 'n gemeenskaplike datum of tydstip te herlei of te verdiskonteer sodat die alternatiewes direk met mekaar vergelykbaar is. Alhoewel enige geskikte datum in die toekoms gebruik mag word, bied die aanvangs-datum die meeste voordele en word dus gewoonlik gebruik (Fleisher, 1967, p.35).

Volgens Osteryoung (1974, p.61) is die netto huidige waarde metode 'n tegniek wat in kapitaalbegroting gebruik word en wat 'n tydfaktor inkorporeer wanneer die koste en voordele van 'n projek evalueer word.

Alhoewel die tydwaarde van geld in aggeneem word, het hierdie metode ook tekortkominge. En van die belangrikste tekortkominge is dat die toekoms nie met enige sekerheid voorspel kan word nie.

'n Verdere gevaar in die gebruik van die netto huidige waarde metode lê volgens Willsmore (1971, p.210) daarin dat die akkuraatheid van die rekenkunde 'n valse vertroue in die akkuraatheid van die metode kan gee wat in werklikheid nie daar is nie. Hy volg dit egter op deur te sê dat watter metode ook al gebruik word, die rendement op belegging beslittings nie meer akkuraat is as die beramings waarop hulle baseer is nie. Vir hierdie rede is dit dus aan te beveel om 'n reeks sensitiwiteitsanalises of gevoeligheidstoetsings te doen deur gebruik te maak van byvoorbeeld waarskynlikheidsfaktore om sodoende die onsekerheid verbonde aan die investering te verminder.

Die grootste onsekerheid bestaan in die toekomstige gang van die algemene ekonomie. Die inflasiekoers word deur hierdie veranderinge in die ekonomie geraak en beïnvloed op sy beurt die netto huidige waarde van elke alternatief.

Ander elemente van onsekerheid in die boerderybedryf is die weer. Droogtes, hael en brand kan 'n groot invloed hê op die kontantinvloei van die boer. Aangesien die kontantinvloei vir elke finansieringsalternatief dieselfde sal wees, het dit nie 'n invloed op die finansieringsbesluit as sulks nie. Vir die doel van hierdie skripsie is die inkomste verdien uit die gebruik van die bate irrelevant omdat dit vir elke alternatief dieselfde sal wees.

In die nywerheid bestaan verder ook 'n bedryfsrisiko, besigheidsrisiko en finansiële risiko (Schall en Haley, 1977, p.131) waarvan nie een op die boer dieselfde mate as op die nyweraar van toepassing is nie.

In die algemeen wys Bierman en Smidt (1966, p.31) daarop dat die netto huidige waarde metode die alternatiewe in 'n rangorde plaas afgesien van die diskontokoers wat gebruik word. Onsekerheid sal daarom nie die rangorde van die alternatiewe beïnvloed nie, slegs die korrektheid van elkeen se netto huidige waarde.

Soos reeds genoem word waarskynlikheidsfaktore gebruik om die element van risiko in die finansieringsbesluit te verminder en daardeur die besluitnemer in staat te stel om beter besluite te kan neem.

Die volgende voorbeeld illustreer die gebruik van waarskynlikheidsfaktore:

Voorbeeld 4-2

Die kanse om 'n sekere aantal sakke mielies op 'n bepaalde stuk grond te oes is onder die volgende moontlike weerstoestande as volg:

<u>Weerstoestand</u>	<u>Sakke mielies</u>
Hael	20
Droogte	30
Te veel reën	50
Ideale weer	100

Die kanse dat hierdie weerstoestande sal bestaan word as volg voorspel:

<u>Weerstoestand</u>	<u>Kanse vir gebeurlikheid</u>
Hael	0,1
Droogte	0,3
Te veel reën.	0,2
Ideale weer ..	<u>0,4</u>
	1,0

Word die aantal sakke mielies nou met die kanse vir gebeurlikheid vermenigvuldig, is die uitkoms as volg:

<u>Weerstoestand</u>	<u>Kans</u>	<u>Sakke mielies</u>	<u>Uitkoms</u>
Hael	0,1	20	2
Droogte	0,3	30	9
Te veel reën...	0,2	50	10
Ideale weer ...	0,4	100	<u>40</u>
		Verwagte opbrengs ...	61

Die aantal sakke mielies wat die boer dus kan verwag om te oes van die spesifieke stuk grond oor 'n tydperk van 'n aantal jare, is gemiddeld 61 sakke per jaar.

Sensitiwiteitsanalise kan op dieselfde manier op enige moontlike elemente van onsekerheid toegepas word. Wanneer die boer 'n finansieringsbesluit moet neem en hy gebruik berekeningstabelle soos in hoofstuk 5 beskryf, kan waarskynlikheidsfaktore op die alternatiewe inflasiekoerse

toegepas word, soos in voorbeeld 4-3 aangedui:

Voorbeeld 4-3

<u>Moontlike inflasiekoers</u>	<u>Kanse vir gebeurlikheid</u>	<u>Uitkoms</u>
8%	0,2	1,6
10%	0,5	5,0
12%	0,3	<u>3,6</u>
Verwagte inflasiekoers..10,2%		<u>===</u>

DIE REKENKUNDIGE EVALUERING VAN ALTERNATIEWE METODES VAN FINANSIERING1. Inleiding

Terwyl die nyweraar hoofsaaklik drie vorms van finansiering tot sy beskikking het naamlik aandele, skuld en wins, het die privaat boer slegs twee, naamlik skuld en wins. Skuld bestaan uit lenings aange- gaan by kredietverskaffers (hoofstuk 3, para. 6.2) terwyl wins 'n vorm van eie kapitaal is.

Wanneer die berekeninge gedoen word, moet dit nie uit die oog verloor word dat beide vreemde kapitaal en eie kapitaal gebruik kan word om 'n investering te maak. Indien eie kapitaal nie vir die investering gebruik word nie, kan dit belê word om sodoende 'n inkomste te verdien.

Veronderstel dat die volgende twee metodes van finansiering vergelyk word, naamlik "Persoonlike lening" en "Kontant". As 'n persoonlike lening aangegaan word om die bate te finansier, kan die kontant wat nou nie vir finansiering gebruik word nie belê word om sodoende rente te verdien. Hierdie rente is 'n inkomste vir die alternatief "Persoonlike lening" en moet deel vorm van die berekening van die alternatief "Persoonlike lening" se netto huidige waarde.

Aangesien die netto huidige waarde van elke alternatief nie die werk- like totale waarde weerspieël nie omdat alle irrelevante kontantvloei weg- gelaat is, en aangesien die metode in hierdie skripsie slegs gebruik word om verskillende metodes te vergelyk, sal presies dieselfde resultaat verkry word as die NHW van die inkomste uit die belegging van die NHW van die alternatief "kontant" afgetrek word in plaas van dit by die NHW van die alternatief "Persoonlike lening" by te tel. Hierdie laaste bewerking word in die opvolgende berekeninge gebruik in stede daarvan om dit by al die ander nie-kontant alternatiewes by te tel.

2. Koerse

Die diskontokoers waarteen kontantvloei verreken word na huidige waardes, word ook koste van kapitaal genoem (Batty, 1971, p.199, Reynders, 1974, p.289).

In die geval van die nywerheid kan die koste van kapitaal relatief maklik bereken word deur die geweegde gemiddelde van die dividend- en rentekoerse van die verskillende vorme van finansiering te bereken (Van Horne, 1977, p.209 en Bierman en Smidt, 1966, p.148). Die boer moet egter van ander metodes gebruik maak en Marshall (1978, p.23) stel die volgende voor:

- a) Die huidige rentekoers in die ekonomie bv. bonus-obligasies en staatslenings;
- b) Die alternatiewe gebruik waarvoor die fondse aangewend kan word en die opbrengs wat dit kan lewer.
- c) Die waarskynlikheid van risiko en die boer se afkeer daaraan. Hiermee saam gaan die finansiële posisie van die boer en sy kanse om te betaal as daar verliese is. Hoe groter die waarskynlikheid van risiko, hoe groter die rentekoers.
- d) Die bestuursvermoë van die boer - hoe beter sy bestuursvermoë, hoe laer die rentekoers.
- e) Die langtermyn historiese tendens van plaaswinste - 'n fluktuierende neiging sal moontlik 'n groter rentekoers tot effek hê.
- f) Die langtermyn historiese tendens van plaasinkomste sal dieselfde invloed op rentekoerse hê as plaaswins.

Volgens de Vos (1979, p.26) is die huidige inflasiekoers byna 15% en sal die gemiddelde koers 8% wees tussen die jare 1977 en 1987.

3. Veranderlikes

Verskeie veranderlikes het 'n invloed op die netto huidige waardes van elke metode van finansiering.

Vir die doel van hierdie skripsie sal die volgende veranderlikes in die berekeninge gebruik word:

3.1 Diskontokoerse

Daar is reeds op die belangrikheid van diskontokoerse met betrekking tot die netto huidige waarde van geld gewys.

Na aanleiding van onderhoude gevoer met uitvoerende beamptes van verskeie handelsbanke en aan die hand van voorafgaande inligting, sal diskontokoerse van 8, 10 en 12% gebruik word.

3.2 Marginale belastingkoers

Ten einde die invloed van belasting op die finansieringskoste te bepaal, sal aandag gegee word aan boere met 'n lae belasbare inkomste sowel as aan boere met 'n hoë belasbare inkomste. Marginale belastingkoerse van 20, 30 en 40% sal in die berekeninge gebruik word.

3.3 Kredietwaardigheid van die boer

Die risiko wat 'n kredietgewer loop wanneer hy 'n lening aan 'n boer toestaan is omgekeerd.

Boere met hoë kredietwaardigheid word beskou as kredietnemers met 'n lae risiko faktor, en sal dus krediet teen laer rentekoerse kan verkry as boere met 'n lae kredietwaardigheid.

Vir die doeleindes van hierdie skripsie word die twee uiterstes van kredietwaardigheid illustreer, met dien verstande dat die boer se kredietwaardigheid nie so laag is dat hy gladnie krediet kan bekom nie.

Onderstaande tabel was opgestel aan die hand van inligting verkry van uitvoerende beamptes van verskeie finansieringsinstansies.

<u>Metodes van finansiering</u>	<u>Lae risiko of hoë kredietwaardigheid</u>	<u>Hoë risiko of lae kredietwaardigheid</u>
Bruikhuur	9% op die totaal	11% op die totaal
Uitgestelde verkope	9% op die totaal	11% op die totaal
Oortrokke bank-rekening	10½% op balans	12½% op balans
Persoonlike lening	8% op die totaal	9½% op die totaal
Huurkoop	9% op die 80% balans	11% op die 80% balans
Belegging	8% per jaar	8% per jaar

4. Aannames en veronderstellings

Die grootste nadeel van verdiskonteerde kontantinvloei, naamlik die onsekere vooruitskatting van inkomste wanneer die metode gebruik word vir die evaluering van verskillende nywerheidsprojekte, is nie hier van toepassing nie.

Die aanname is vroeër gebruik dat die boer alreeds beluit het in watter bate hy wil investeer. As gevolg van hierdie besluit verseker hy dat die kontant invloei van elke alternatiewe dieselfde gaan wees want die alternatiewe is nou alleenlik gerig op alternatiewe vorme van finansiering en nie alternatiewe vorme van bates nie. Enige faktor wat die inkomste vir een alternatiewe beïnvloed, sal presies dieselfde uitwerking op die inkomste van elke ander alternatiewe hê.

In die geval van grond word daar veronderstel dat die boer reeds 'n keuse gemaak het van presies watter plaas hy wil koop, of dat hy reeds besluit het op die presiese trekker, implement of ander bate waarin hy wil investeer.

Inkomste verdien uit die gebruik van die bate is daarom irrelevant.

Die akkurate bepaling van netto kontantvloei in die algemeen, en kontantinvloei in die besonder, speel dus, anders as in die geval van die kapitaalbegroting van 'n nywerheidsonderneming, 'n minder belangrike rol. Die belangrikste syfers wat bepaal moet word is die diskontokoers.

Aangesien hierdie syfer tot sover as vyf jaar in die toekoms lê, en nie vir elk van die vyf jaar dieselfde sal wees nie, word gebruik gemaak van 'n gevoeligheidstoets in elke berekening wat die invloed van variasies in inflasie sal demonstreer.

Die onsekerheid kan vereenvoudig word deur waarskynlikheidsfaktore op die verskillende diskontokoerse toe te pas. (Sien bladsy 26).

Die ander syfers wat in die berekeninge voorkom soos die koopsom, paaiemente, rentekoerse en belastingkoerse is almal bepaalbaar en relatief maklik bekombaar. Alhoewel rentekoerse ook nie van jaar tot jaar dieselfde is nie, wissel dit nie so baie soos die diskontokoerse nie en word dit dikwels by die ondertekening van die ooreenkoms vir die volle periode vasgestel.

Berekeninge vir illustrasie doeleindes word baseer op 'n bate met 'n koopsom van R10 000 en 'n leeftyd van 5 jaar.

Indien die koopsom of die leeftyd van die bate in die praktyk verskil van die R10 000 en 5 jaar respektiewelik in die voorbeelde, moet die nodige aanpassings in die berekeninge gemaak word.

Alhoewel die slopingswaarde van die bate irrelevant is vir alle alternatiewes waar eienaarskap aanvaar word, is dit nie die geval met bruikhuur nie, en behoort die slopingswaarde in alle berekeninge in aanmerking gebring te word. Daar word egter aanvaar dat die verkoopwaarde van die bate wat onder bruikhuur gebruik word ekwivalent is aan die slopingswaarde en word dus eenvoudigheidshalwe uit die berekeninge gelaat. Dieselfde geld in die industrie vir waardevermindering wat aftrekbaar is vir belastingdoeleindes. Dit is 'n fundamentele beginsel by die berekening van belasbare inkomste dat slegs uitgawes wat werklik vir die voortbrenging van inkomste aangegaan is, vir aftrekking in aanmerking kan kom, mits dit nie van kapitale aard is nie. In "Royal Insurance Company v. Watson (1897) A.H.2" is verklaar dat as die uitgawe 'n eenmalige uitgawe was, dit as kapitaal beskou moet word. (Shrand, 1974, p.45).

In so 'n geval word die waardevermindering op die kapitaalbate (bv.

masjinerie en ander inkomste produserende bates) beskou as 'n uitgawe vanaf die datum waarop die bate in bedryf kom en is dus aftrekbaar van die belasbare inkomste.

In die landboubedryf word daar egter 'n toegewing gemaak en word die kapitaalinvestering in 'n bate nie beskou as 'n kapitaaluitgawe nie, maar wel as 'n lopenede uitgawe, en is die volle bedrag onmiddellik aftrekbaar van die belasbare inkomste. Hierdie toegewing is van toepassing waar die volle bedrag eenmalig investeer word (Skedule 1 para. 12 (i), (j-) van die Inkomstebelastingwet). Wanneer die bate in paalemente afbetaal word, word elke paalement afsonderlike beskou as 'n direkte uitgawe behalwe in die geval van "Uitgestelde Verkope" en "Persoonlike Lening". As die bate volgens eersgenoemde metode gekoop word, is die volle investering, insluitende rente, onmiddellik aftrekbaar van die belasbare inkomste. In die tweede geval is die belastingvoordeel van toepassing op die koopsom by aankope asook op die rente wanneer betaalbaar.

In die geval van bruikhuur word ook aanvaar dat alle instandhoudingskoste en assuransië deur die huurder gedra word soos in die geval van eienaarskap.

5. Verklarings en berekeninge

Tabelle 1 tot 36 van die Bylaag toon die netto huidige waarde aan van die ses verskillende metodes van finansiering. Die netto huidige waarde vir elke metode word bepaal teen

- (i) 8%, 10, 12% diskontokoers;
- (ii) 20, 30% en 40% marginale belastingkoers;
- (iii) 'n lae en hoë risiko.

Elke tabel bestaan uit 10 kolomme.

Kolom 1 dui die jare aan waar Jaar 0 die huidige tydstop waarop die investering gemaak word aandui. Jaar 1 dui die posisie aan die einde van die eerste jaar aan, ensovoorts.

Kolom 2 dui die kontantuitvloei aan, met ander woorde, die uitbetalings wat aan die einde van elke jaar gemaak word. Die waardes word as volg bereken:

- (i) Bruikhuur : $(\text{koopsom} + (\text{Koopsom} \times \frac{\text{rentekoers}}{100} \times \text{jare})) \div \text{jare}$.
- (a) Lae risiko : $(10000 + (10000 \times \frac{9}{100} \times 5)) \div 5 = \text{R}2\ 900$ per jaar.
- (b) Hoë risiko : $(10000 + (10000 \times \frac{11}{100} \times 5)) \div 5 = \text{R}3\ 100$ per jaar.
- (ii) Uitgestelde verkope : Berekening is identies soos vir bruikhuur.
- (iii) Oortrokke bankrekening : $\text{Balans} \times \frac{\text{Rentekoers}}{100} + \frac{\text{Koopsom}}{\text{jare}}$
- (a) Lae risiko : Jaar 1 : $10000 \times \frac{10,5}{100} + \frac{10000}{5} = \text{R}3\ 050$ per jaar.
 Jaar 2 : $8000 \times \frac{10,5}{100} + \frac{10000}{5} = \text{R}2\ 840$ per jaar.
 ensovoorts.
- (b) Hoë risiko : Jaar 1 : $1000 \times \frac{12,5}{100} + \frac{10000}{5} = \text{R}3\ 250$ per jaar.
 Jaar 4 : $4000 \times \frac{12,5}{100} + \frac{10000}{5} = \text{R}2\ 500$ per jaar.
 ensovoorts.
- (iv) Persoonlike lening : Berekening dieselfde as vir Bruikhuur, behalwe dat die rentekoers 8% en 9½% respektiewelik is.
- (v) Huurkoop : Jaar 0 : $20\% \text{ van koopsom} = 10000 \times \frac{20}{100} = \text{R}2\ 000$
 Jaar 1 tot 3 : Berekening dieselfde as vir Bruikhuur behalwe dat die koopsom en jare nou verskillend is.
- (a) Lae risiko : $(8000 + (8000 \times \frac{9}{100} \times 3)) \div 3 = \text{R}3\ 397$ per jaar.
- (b) Hoë risiko : $(8000 + (8000 \times \frac{11}{100} \times 3)) \div 3 = \text{R}3\ 547$ per jaar.
- (vi) Kontantaankope : Jaar 0 : Koopsom
- (vii) Belegging : Die aanname word gemaak dat enkelvoudige rente verdien word. Daar is dus 'n jaarlikse kontantinvloei van R800.

Kolom 3 dui die belastingvoordeel aan, met ander woorde, daardie bedrag waarmee die inkomstebelasting gaan verminder omdat die inkomste laer is. Inkomste is laer vanweë verhoogde uitgawe. Die belastingvoordeel word as volg bereken:

- (i) Bruikhuur : Elke jaar : $\text{Kontantuitvloeï} \times \frac{\text{Belastingkoers}}{100}$
- (ii) Uitgestelde Verkope :
 Jaar 0 : $\text{Totale kontantuitvloeï} \times \frac{\text{Belastingkoers}}{100}$
- (iii) Oortrokke bankrekening :
 Jaar 0 : $\text{Koopsom} \times \frac{\text{Belastingkoers}}{100}$
- (iv) Persoonlike lening :
 Jaar 0 : $\text{Koopsom} \times \frac{\text{Belastingkoers}}{100}$
 Jaar 1 tot Jaar 5 : $\text{Rente} \times \frac{\text{Belastingkoers}}{100}$
- (v) Huurkoop : Jaar 0 tot Jaar 3 : $\text{Kontantuitvloeï} \times \frac{\text{Belastingkoers}}{100}$
- (vi) Kontantaankope : Jaar : $\text{Koopsom} \times \frac{\text{Belastingkoers}}{100}$
- (vii) Belegging : (Omdat daar 'n kontantinvloeï is, sal daar 'n belastingnadeel wees). Elke jaar : $\text{Kontantinvloeï} \times \frac{\text{Belastingkoers}}{100}$

Kolom 4 dui die netto kontantuitvloeï aan en word bereken deur die Belastingvoordeel van die kontantuitvloeï af te trek. Waar die Belastingvoordeel groter is as die kontantuitvloeï, sal die netto kontantuitvloeï negatief wees, en sal die waarde tussen hakies aangedui word. Die bedrag in die laaste ry van die kolom is die totaal, en dui die netto huidige waarde aan as daar geen diskontokoers is nie.

Kolomme 5 - 10 dui die netto huidige waarde berekeninge aan en gaan in pare, naamlik kolomme 5/6, 7/8 en 9/10. Kolomme 5, 7 en 9 dui die diskontofaktore aan vir die onderskeie diskontokoerse. Kolomme 6, 8 en 10 verteenwoordig die netto huidige waarde wat bereken word deur die netto kontantuitvloeï in kolom 4 met die onderskeie diskontofaktore te vermenigvuldig. Die totale word in laaste ry aangetoon.

Al die syfers dui R-waardes aan. Aangesien die waardes kontantuitvloeï verteenwoordig, sal die laagste waarde noodwendig die verkieslikste wees.

Soos in afdeling 1 van hierdie hoofstuk verduidelik, moet die NHW van die inkomste verdien uit die belegging van die NHW van die alternatief

"Kontant" afgetrek word. Aangesien alle waardes uitvloei verteenwoordig en dus in werklikheid reeds negatief is, word die NHW van die "Belegging" by die NHW van die "Kontant" bygetel.

6. Vergelyking van resultate

Die netto huidige waardes van die verskillende alternatiewes word vervolgens in tabelle saam groepeer. Tabelle 37 tot 42 vergelyk die netto huidige waardes van die alternatiewes teen verskillende diskontokoerse.

Tabelle 43 tot 46 vergelyk die netto huidige waardes van die alternatiewes teen verskillende belastingkoerse.

Elke vergelykende tabel bestaan uit twee dele. Deel (a) dui die waardes aan soos in Tabelle 1 - 36 bereken. In deel (b), "Herleide NHW", word die waardes almal herlei na 'n basis van 100,0 waar die hoogste waarde van deel (a) die 100,0 waarde verteenwoordig. Die berekening bestaan daaruit dat elke waarde deur hierdie gekose hoogste waarde van deel (a) gedeel word en met 100 vermenigvuldig word.

Die laagste herleide waardes in elke geval is duidelikheidshalwe omring.

Daar moet gelet word op die feit dat 'n nul diskontokoers feitlik nooit sal bestaan nie en bloot vir sy teoretiese waarde aangetoon word.

Die eindresultaat van tabelle 37 - 46 word grafies in 8 grafieke aangedui. Grafieke 1 tot 4 illustreer die invloed van diskontokoers op die finansieringsbesluit, terwyl grafieke 5 tot 8 die invloed van belastingkoers op die finansieringsbesluit illustreer.

7. Bespreking van resultate

Die bespreking wat hier volg is slegs van toepassing op die resultate wat onder die aannames wat vroeër in die hoofstuk genoem is, behaal is. In die praktyk sal rentekoerse byvoorbeeld verskil van dié in die voorbeelde gebruik.

Indien die boer se kredietwaardigheid baie hoog is, en hy relatiewe lae belasbare inkomste het, sal dit hom baat om 'n persoonlike lening te neem (Tabel 37).

Daar is weinig verskil tussen die persoonlike lening en drie ander metodes naamlik uitgestelde verkope, oortrokke bank en huurkoop en kan enige van laasgenoemde drie die aangewese metode word as ander rentekoerse gehef word.

Dit is egter baie duidelik dat kontant verreweg die swakste vorm van finansiering is vir hierdie boer.

Wanneer die boer se inkomste sodanige verbeter dat hy 30% belasting moet betaal, verander die posisie in soverre dat uitgestelde verkope nou beter is by diskontokoerse van 10% en 12% (Tabel 38). 'n Persoonlike lening is nog steeds verkieslik by'n diskontokoers van 8%. Behalwe vir persoonlike lening, vergelyk die ander metodes ook heelwat swakker teen uitgestelde verkope by 10 en 12% diskontokoers. Kontant is nog steeds die metode wat die minste aanbeveel word.

By 'n nog hoër inkomste waar die boer nou 'n 40% marginale belastingkoers het, is uitgestelde verkope in alle gevalle die aangewese metode van finansiering met geen ander metode wat naasteby so geskik is nie behalwe by 'n 8% diskontokoers waar 'n persoonlike lening 'n moontlikheid word. (Tabel 39).

Grafieke 1 en 2 illustreer bestaande afleidings duidelik.

7.2 NHW vs diskontokoers - lae kredietwaardigheid

Soos vir die boer met hoë kredietwaardigheid is 'n persoonlike lening vir 'n boer met 'n lae inkomste die aangewese metode van finansiering (Tabel 40).

Wanneer sy marginale belastingkoers opskuif na 30% is 'n persoonlike lening nog steeds die beste metode van finansiering (Tabel 41). Slegs by 'n hoë diskontokoers van 12% is uitgestelde verkope byna so verkieslik.

By 'n marginale belastingkoers van 40% verander die toedrag van sake, en word uitgestelde verkope nou 'n beter metode van finansiering, maar slegs by 'n diskontokoers van 10% en 12%. By 8% diskontokoers is 'n persoonlike lening nog steeds verkieslik. Grafieke 3 en 4 illustreer ook hierdie afleidings. Die grafieke illustreer ook die posisie by laer diskontokoerse en kan gesien word dat by laer diskontokoerse huurkoop die verkieslike metode van finansiering is. Die rede hiervoor is hoofsaaklik omdat die duur van die ooreenkoms slegs drie jaar, en nie vyf jaar soos in die ander gevalle, is nie.

7.3 NHW vs belastingkoers - Hoë kredietwaardigheid

Alhoewel 'n 0% diskontokoers feitlik onmoontlik kan bestaan, word dit nogtans in Tabel 43 gebruik as 'n onderste verwysingspunt. By hierdie lae diskontokoers, is huurkoop die aangewese metode van finansiering waar- na 'n persoonlike lening en kontant volg.

Wanneer die diskontokoers styg na 12%, is kontant die swakste metode van finansiering, terwyl uitgestelde verkope nou die aangewese metode is vir boere wat 30 en 40% marginale belastingkoers betaal, en 'n persoonlike lening die aangewese metode vir die boer met 'n lae inkomste wat net 20% marginale belasting betaal (Tabel 44). Grafieke 5 en 6 illustreer die afleidings.

7.4 NHW vs belastingkoers - Lae kredietwaardigheid

Uit Tabelle 45 en 46 asook Grafieke 7 en 8 volg byna dieselfde afleidings as vir die boer met hoë kredietwaardigheid, behalwe dat 'n persoonlike lening nou ook vir die boer met 'n marginale belastingkoers van 30% by 12% diskontokoers die aangewese metode van finansiering is.

By hoë diskontokoerse bly kontant steeds die swakste metode van finansiering.

DIE LAND- EN LANDBOUBANK VAN SUID-AFRIKA

Sedert die stigting van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika is daar deur die direkteure van die bank gestrewe om deur middel van lenings aan boere en ander landbouinstansies in die volle finansiële behoeftes van die landbou-sektor te voorsien.

Die Landbank voorsien langtermynlenings teen 'n rentekoers van 7% en medium-termynlenings teen 'n rentekoers van 8% per jaar op die balans.

Hierdie rentekoerse is baie laer as enige van die rentekoerse van die verskillende metodes van finansiering vroeër bespreek.

Indien boere vryelik van Landbanklenings gebruik kon maak, sou daar nie 'n finansieringsbesluit nodig gewees het nie, want 'n Landbanklening sou die aange-wese metode van finansiering wees. (Vergelyk die NHW van onderstaande tabel met dié van Tabel 39 in die bylaag).

LANDBANKLENING - 8% rente op die balans. 40% Belasting

Jaar	Kontant uitvloei	Belas- ting voordeel	Netto kontant uitvloei	Diskontokoers					
				8%		10%		12%	
				Faktor	N H W	Faktor	N H W	Faktor	N H W
0		4000	(4000)	1,0000	(4000)	1,0000	(4000)	1,0000	(4000)
1	2800	320	2480	0,9259	2296	0,9091	2255	0,8929	2214
2	2640	256	2384	0,8573	2044	0,8264	1970	0,7972	1901
3	2480	192	2288	0,7938	1816	0,7513	1719	0,7118	1629
4	2320	128	2192	0,7350	1611	0,6830	1497	0,6355	1393
